

**Die kind se grondwetlike reg tot basiese onderwys en die verpligting van die staat tot voorsiening van infrastruktuur**

**CHRISTINE ROUX**

(LLB, B.Comm)

20576242

Skripsie voorgelê vir die *Magister Legum* in *Vergelykende Kinderreg* aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

LLM Vergelykende Kinderreg: Modules geslaag

LLMC 811

LLMC 812

LLMC 813

LLMC 817

LLMC 821

LLMC 822

LLMC 824

LLMC 825

Studieleier: Me I Booyen

Oktober 2013

## Abstract

### **The constitutional right to basic education and the obligation of the state to provide infrastructure**

Section 29 of the *Constitution of the Republic of South Africa, 1996* states that everyone has the right to basic education. This provision must be interpreted in order to determine whether it refers to a period of education, or a certain standard or quality of education that also includes infrastructure.

In this dissertation, the scope of the right to basic education and the state's obligation with regard to infrastructure, are discussed. The dissertation will point out that the right to basic education should also consider the best interests of the child-standard as well as the right to equality. *The Constitution* provides that *everyone* has the right to basic education, which implies that there should be no discrimination against *any* child. In order to determine the scope of section 29 and the duty of the state accordingly, the provisions of international instruments must also be considered. *The Convention on the Rights of the Child*, the *African Children Charter* and specifically the *International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights* refer to the obligations of the state in respect to the provision of basic education and infrastructure.

The *Schools Act* provides for the Minister of Basic Education to prescribe minimum norms and standards relating to school infrastructure. The importance of minimum norms and standards for quality education has been investigated with specific reference to libraries, learning material and water and sanitation facilities. Lastly, the lack of an internal limitation clause and the effect of section 36, the general limitation clause, were considered to evaluate the state's obligation to provide quality education.

**Keywords:** Constitution, right to basic education, equality, best interest of the child, international instruments, obligation of the state, infrastructure, norms and standards

## Uittreksel

### **Die kind se grondwetlike reg tot basiese onderwys en die verpligting van die staat tot voorsiening van infrastruktuur**

Artikel 29 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996 bepaal dat elkeen die reg op basiese onderwys het. Hierdie bepaling moet uiteindelik geïnterpreteer word om te bepaal of dit verwys na 'n tydperk van onderwys of 'n sekere standaard of kwaliteit van onderwys wat ook infrastruktuur insluit.

In hierdie skryfstuk word die omvang van die reg op basiese onderwys en die staat se verpligting met betrekking tot infrastruktuur, bespreek. Die skryfstuk wys daarop dat die reg op basiese onderwys ook die beste belang van die kind sowel as die reg op gelykheid in ag moet neem. Die *Grondwet* bepaal dat *elkeen* die reg op basiese onderwys het, wat impliseer dat daar nie gediskrimineer mag word teen *enige* kind nie. Ten einde die omvang van artikel 29 en die verpligting van die staat daarvolgens te bepaal, moet die bepalings van internasionale instrumente ook oorweeg word. Die *Convention on the Rights of the Child*, die *African's Children Charter* en spesifiek die *International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights* verwys na die verpligtinge van state ten opsigte van die verskaffing van basiese onderwys en infrastruktuur.

Die *Skolewet* maak voorsiening vir minimum norme en standaarde, met betrekking tot infrastruktuur, wat deur die Minister van Basiese Onderwys voorgeskryf kan word. Die belang van minimum norme en standaarde vir kwaliteit onderwys is geondersoek met spesifieke verwysing na biblioteke, leermateriaal en water en sanitasiegeriewe. Die gebrek aan 'n interne beperking en die invloed van artikel 36, die algemene beperkingsklousule, is laastens oorweeg in die evaluering van die staat se verpligting om kwaliteit onderwys daar te stel.

**Sleutelwoorde:** Grondwet, reg op basiese onderwys, gelykheid, beste belang van die kind, internasionale instrumente, verpligting van die staat, infrastruktuur, norme en standaarde

## INHOUDSOPGAWE

Lys van Afkortings	i
1 Inleiding	1
2 Grondwetlike bepalings	3
2.1 <i>Die reg op basiese onderwys</i>	3
2.2 <i>Die reg op gelykheid</i>	7
3 Internasionale instrumente	11
3.1 <i>Die reg op basiese onderwys</i>	11
3.1.1 <i>Die Convention on the Rights of the Child</i>	11
3.1.2 <i>Die African Children's Charter</i>	13
3.1.3 <i>Die International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights</i>	14
3.2 <i>Die reg op gelykheid</i>	16
3.2.1 <i>Die Convention on the Rights of the Child</i>	17
3.2.2 <i>Die International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights</i>	18
4 Die beste belang van die kind-maatstaf	19
5 Verpligtinge van die staat ten op sigte van die verskaffing van infrastruktuur	22
5.1 <i>Beleidsraamwerke deur die Departement van Basiese Onderwys</i>	22
5.2 <i>Verpligting tot die verskaffing van biblioteke</i>	28
5.3 <i>Verpligting tot die verskaffing van handboeke</i>	31
5.4 <i>Verpligting tot die verskaffing van water en sanitasie</i>	34
6 Evaluering van die verpligting van die staat en die algemene beperkingsklousule	39
7 Gevolgtrekking: Die skending van die kind se reg op basiese onderwys deur gebrekkige infrastruktuur	46
Bibliografie	48

## Lys van afkortings

ACC	African Children's Charter
Columbia LR	Columbia Law Review
CRC	Convention on the Rights of the Child
ICESCR	International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights
IJCR	International Journal of Children's Rights
PER	Potchefstroomse Elektroniese Regsblad
SAJHR	South African Journal on Human Rights
SALJ	South African Law Journal
SAPR	SA Publikereg
Stell LR	Stellenbosch Law Review
THRHR	Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg
TSAR	Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg
UNESCO	United Nations Educational, Scientific and Cultural Organization

## 1 Inleiding

Die *Grondwet*<sup>1</sup> bepaal in artikel 29 dat elkeen die reg op basiese onderwys het. In hierdie skryfstuk sal die reg op basiese onderwys en verpligting van die staat om infrastruktuur aan skole te verskaf, ondersoek word. Daar is 'n aantal aspekte wat in die verband oorweeg moet word: Die betekenis van basiese onderwys en die doel wat daarmee bereik wil word, die verband tussen die reg op basiese onderwys en die reg op gelykheid ingevolge artikel 9 van die *Grondwet*, die beste belang van die kind-maatstaf, die verpligting van die staat tot die verskaffing van infrastruktuur ten einde basiese onderwys te realiseer en of die reg beperkbaar is ingevolge die algehele beperkingsklousule in artikel 36 van die *Grondwet*.

Die reg op basiese onderwys, soos voorsien word in die *Grondwet*, sal ondersoek en geïnterpreteer moet word om vas te stel wat die omvang daarvan is. Sodoende kan bepaal word wat dit behels en insluit en gevolglik sal dit 'n aanduiding gee van die verpligting van die staat. Die posisie wat die Suid-Afrikaanse howe in hierdie verband ingeneem het, sal deel vorm van die bespreking. Artikel 29 kan egter nie in isolasie gelees en verstaan word nie. Gelykheid is een van die drie hoekstene waarop Suid-Afrika se demokrasie gebaseer is. Elke kind moet dus ook gelyke geleentheid gegun word om sy reg tot basiese onderwys te geniet.

Suid-Afrika is ingevolge artikel 39 en 233 van die *Grondwet* ook verplig om oorweging te skenk aan internasionale reg en regionale reg. Die *Convention on the Rights of the Child*, 1989 sowel as die *African Charter on the Rights and Welfare of the Child*, 1990 handel uitdruklik oor die regte van kinders, terwyl die *International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights* sosio-ekonomiese regte aanspreek. Hierdie drie internasionale bronne, tesame met die kommentaar wat daarop geskryf is, sal 'n belangrike bydrae maak in die evaluering van die navorsingsvraag. Die interpretering van die reg tot basiese onderwys en die reg op gelykheid deur die internasionale gemeenskap, dien dus as 'n belangrike oorweging in hierdie ondersoek.

---

1 Die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

Die reg op basiese onderwys kan egter nie geëvalueer word sonder om te bepaal wat in die beste belang van die kind is nie. Artikel 28(2) van die *Grondwet* bepaal dat daar oorweging geskenk moet word aan wat in die beste belang van die kind is in enige aangeleentheid wat die kind sal raak. Die belang van onderrig, die rol van skole infrastruktuur en wat dit die kind bied, is vrae wat beantwoord moet word aldus die verpligting van die staat te bepaal.

Die Departement van Basiese Onderwys dien as uitvoerende orgaan wat verantwoordelik is vir die verskaffing van basiese onderwys. Oorweging moet geskenk word aan sy rol in die realisering van die reg tot basiese onderwys. Die vraag is of die Departement van Basiese Onderwys sy verpligting ingevolge die *Grondwet* en nasionale wetgewing, waaronder die *Skolewet*<sup>2</sup> nakom. Uiteindelik moet daar ondersoek word of die reg tot basiese onderwys ook die reg tot infrastruktuur by skole, insluit. Die rol wat infrastruktuur het in die verskaffing van basiese onderwys en moet bepaal word om uiteindelik die verpligting van die staat te kan evalueer. Daar sal spesifiek gefokus word die belang van biblioteke, water en sanitasie en handboeke vir die realisering van basiese onderwys. Nasionale wetgewing en beleide deur die Departement van Onderwys sal in hierdie verband oorweeg word.

Geen reg in die Handves van Regte is absoluut nie. Artikel 36 van die *Grondwet*, die algemene beperkingsklousule, bepaal dat die regte in die Handves van Regte beperkbaar is. Die invloed van die algemene beperkingsklousule op die reg tot basiese onderwys sal in hoofstuk in 6 bespreek word.

Die toename van hofsake teen die Departement van Basiese Onderwys, die aksies wat deur menseregte organisasies geloods word teen die Departement van Onderwys, die matriekslaagsyfer en die mediadekking wat die gebreke van skole verkondig, het aanleiding gegee tot die navorsingsvraag. Op grond van die ondersoek na bogenoemde, sal skrywer hiervan die verpligting van die staat om basiese onderwys, met betrekking tot die verskaffing van infrastruktuur, evalueer.

---

2 84 van 1996. Hierna slegs die *Skolewet*.

## 2 Grondwetlike bepalings

Die reg op basiese onderwys word vervat in die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.<sup>3</sup> Enige reg in die Handves van Regte kan egter nie in isolasie bestaan nie. Artikel 39(1) van die *Grondwet* bepaal dat wanneer die regte in die Handves van Regte geïnterpreteer word, dit gedoen moet word in die lig van die waardes waarop 'n demokratiese gemeenskap gebaseer is naamlik menswaardigheid, gelykheid en vryheid. Ten einde te bepaal of daar 'n verpligting op die staat is om infrastruktuur aan skole te verskaf, moet daar bepaal word wat die reg op basiese onderwys behels en of dit hierdie verpligting insluit. Die onderstaande hoofstuk sal handel oor die interpretasie van die reg op basiese onderwys, die invloed van die gelykeidsklausule op die reg op basiese onderwys en ook die beste belang van die kind wat hier ter sprake is as maatstaf .

### 2.1 Die reg op basiese onderwys

Geen definisie vir 'basiese onderwys' bestaan in die *Grondwet* of die *Interim Grondwet*<sup>4</sup> nie.<sup>5</sup> Die Suid-Afrikaanse *Skolewet* verskaf nie 'n interpretasie nie<sup>6</sup> en Suid-Afrikaanse howe het ook nog nie 'n volledige interpretasie daaraan gegee nie.<sup>7</sup> Berger<sup>8</sup> bevraagteken die betekenis van die term en vra tereg of artikel 29(1)(a) '*promises merely a place to go to school or does it provide for an 'adequate' education?*' Woolman en Fleisch<sup>9</sup> stel voor dat basiese onderwys twee moontlike interpretasies kan hê: 'n tydperk van onderwys en 'n standaard van onderwys. Malherbe<sup>10</sup> meen dat basiese onderwys kan verwys na 'n vlak van funksionele geletterdheid wat insluit lees, skryf, rekenkunde en basiese kennis of bewustheid van ekonomie, kultuur en politiek. Die uitspraak in *Governing Body of the Juma*

---

3 Hierna die *Grondwet*.

4 200 van 1993.

5 Seleoane 2009 *Law, Democracy and Development* 143.

6 Die *Skolewet* definieer slegs verpligte skoolbywoning.

7 In beide *Centre for Child Law & others v Government of the Eastern Cape Province and Others* en *School Governing Body of Amasango Career School v MEC for Education, Eastern Cape* het die applikante geargumenteer dat die tekort aan voldoende fasiliteite neerkom op inbreukmaking van die reg op basiese onderwys. Die hof kon egter nie betekenis gee aan die reg op basiese onderwys nie omdat skikkings in beide gevalle bereik is.

8 Berger 2003 *Columbia LR* 625.

9 Woolman en Fleisch *Constitution and the Classroom* 127.

10 Malherbe "Education Rights" 407.



*Musjid Primary School and others v Essay NO and Others*<sup>11</sup> is die eerste in sy soort wat leiding gee rakende die inhoud van die reg op basiese onderwys. Regter Nkabinde gee in *Juma Musjid* 'n sterk aanduiding dat die hof die substantiewe interpretasie van die begrip verkies. Die *White Paper on Education and Training*<sup>12</sup> verwys na artikel 1 van die *World Declaration on Education for All*<sup>13</sup> wat bepaal dat basiese onderwys die volgende insluit:<sup>14</sup>

Every child, youth and adult shall be able to benefit from educational opportunities designed to meet their needs; the said needs comprise tools such as literacy, oral expression, numeracy, problem solving, knowledge, skills, values and attitudes, which human beings require in order to survive, develop their full capacities, live and work with dignity, participate fully in development, improving the quality of their lives, make informed decisions and continue learning.

Ook internasionale bronne is in die guns van die substantiewe interpretasie wat aan die begrip geheg word.<sup>15</sup> Beide die *Convention on the Right of the Child*<sup>16</sup> en die *International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights*<sup>17</sup> het 'n taalverskuiwing gemaak deur 'primary' onderwys met 'basic' onderwys te vervang.<sup>18</sup> Basiese onderwys is onderwys wat in individue se basiese opleidingsbehoefte voorsien, maar met inagneming van die breër behoeftes en doel wat met onderwys gepaardgaan.<sup>19</sup> Daarom verwys die *Grondwet* ook na basiese volwasse onderwys.

Bekker formuleer die verpligting van die staat om die reg op basiese onderwys te realiseer, in drie vlakke.<sup>20</sup> Die staat moet voorsiening maak vir basiese onderwys, wat vereis dat die staat skole bou, onderrigmateriaal verskaf en opvoeders in diens neem.<sup>21</sup> Tog beteken die verskaffing van onderrig meer as net die fisiese voorsiening

---

11 2011 8 BCLR 761 (KH). Hierna slegs *Juma Musjid*.

12 *White Paper on Education and Training*: Kennisgewing 196 van 1995.

13 *World Declaration on Education for All* 1990.

14 Seleoane 2009 *Law Democracy and Development* 143.

15 McConnachie en McConnachie 2012 *SALJ* 567.

16 1989. Hierna die *CRC*.

17 1966. Hierna die *ICESCR*.

18 McConnachie en McConnachie 2012 *SALJ* 567.

19 McConnachie en McConnachie 2012 *SALJ* 567.

20 Bekker "The right to education in the South African Constitution" 7-8.

21 Bekker "The right to education in the South African Constitution" 7-8.

daarvan.<sup>22</sup> Onderwys moet nie-diskriminerend wees en dus aan almal beskikbaar en toeganklik wees.<sup>23</sup>

Artikel 29 van die *Grondwet* bepaal dat elke kind die reg het tot basiese onderrig.

- (1) Elkeen het die reg –
- (a) op basiese onderwys, met inbegrip van basiese onderwys vir volwassenes; en
  - (b) op verdere onderwys, wat die staat, deur middel van redelike maatreëls, in toenemende mate beskikbaar en toeganklik moet maak.

Artikel 29 plaas die plig op die staat om hierin te voorsien en ingevolge artikel 7(2) van die *Grondwet* word die staat verplig om alle regte in die Handves van Regte te respekteer, te beskerm en te bevorder. Volgens Malherbe<sup>24</sup> beteken dit dat dit ten minste die plig op die staat plaas om die nodige fasiliteite te verskaf en dat enige faktore wat kan inbreuk maak op hierdie reg, uit die weg geruim moet word. Hy meen voorts dat in 'n Suid-Afrikaanse konteks voldoende onderwys 'n standaard van onderwys is wat mense bemagtig om bo armoede uit te styg, effektief in die arbeidsmag deel te neem en hul demokratiese waardes uit te leef.<sup>25</sup> Om ten volle uitvoering aan hierdie reg te gee, moet die nodig infrastruktuur wat ondersteunend tot onderwys dien, dus daargestel word. In *Juma Musjid* bepaal die Konstitusionele Hof dat die reg op basiese onderwys meer is as net 'n plek om skool te gaan, maar dat substantiewe inhoud gegee moet word aan die reg en dat dit ook voldoende skoolfasiliteite insluit.<sup>26</sup>

Die reg op basiese onderwys en volwasse basiese onderwys word as 'n sterker reg beskou en word onderskei van die reg op behuising en die reg op gesondheid, in drie opsigte: dit is nie onderhewig aan beskikbare hulpbronne nie, dit is onmiddellik en dit is direk.<sup>27</sup> Malherbe<sup>28</sup> beskryf die reg op basiese onderwys as 'n sosiale en ekonomiese reg in die *Grondwet* wat gewaarborg is. Die afwesigheid van die woord *toegang* beteken dat daar 'n positiewe plig op die staat self is om in basiese

---

22 Bekker "The right to education in the South African Constitution" 7-8.  
23 Bekker "The right to education in the South African Constitution" 7-8.  
24 Malherbe "Education Rights" 407.  
25 Malherbe "The Constitution and Equal Educational Opportunities" 89.  
26 *Juma Mushid* par 43.  
27 Seleoane 2009 *Law, Democracy and Development* 140.  
28 Malherbe 2004 *TSAR* 430.

onderwys te voorsien.<sup>29</sup> In *Grootboom v Oostenberg Municipality*<sup>30</sup> wys die Konstitusionele Hof daarop dat die reg op toegang beteken dat die staat burgers in staat moet stel om hulle reg te realiseer in teenstelling met wanneer die reg direk is en waar die staat moet optree om te verseker dat die inhoud van die reg fisies beskikbaar is.<sup>31</sup> Die reg word nie omskryf as die reg op *toegang* tot onderwys nie en ook word die positiewe verpligting op die staat nie gekwalifiseer deur redelike wetgewende en ander maatreëls wat geneem moet word om aan hierdie reg te voldoen nie.<sup>32</sup> Die reg op basiese onderrig is 'n reg wat onmiddellik vervul behoort te word en kan nie progressief gerealiseer word soos die reg op behuising en gesondheidsorg nie.<sup>33</sup> In *Juma Masjid* maak die Konstitusionele Hof dit duidelik dat die hof 'basiese onderwys' interpreteer as onmiddellik afdwingbaar en slegs onderhewig aan die beperking in artikel 36.<sup>34</sup>

This right is therefore distinct from the right to "further education" provided for in section 29(1)(b). The state is, in terms of that right, obliged, through reasonable measures, to make further education progressively available and accessible.

Die standaard van redelikheid wat die hof gebruik het in *Grootboom* en *Minister of Health and Others v Treatment Action Campaign and Others*<sup>35</sup> kan nie hier gebruik word om versuim van die staat om aan die reg te voldoen, te regverdig nie.<sup>36</sup> Anders as die reg op behuising en gesondheid bepaal artikel 29 dat basiese onderwys nie met tyd gerealiseer kan word nie, ongeag die beskikbaarheid van hulpbronne.<sup>37</sup> Dit behoort een van die prioriteite van die staat wees, ook in terme van begrotingstoekennings.<sup>38</sup>

Om sosio-ekonomiese regte en ekonomiese beperkings te balanseer, is nie 'n maklike taak nie.<sup>39</sup> Of die staat wel oor bronne beskik om die reg op basiese onderwys te realiseer, is tog 'n faktor wat in berekening gebring moet word en wat dus die reg op basiese onderwys kan beperk in terme van artikel 36 van die

---

29 Woolman en Fleisch *Constitution and the Classroom* 120.

30 2001 1 SA 46 (KH). Hierna slegs *Grootboom*.

31 Seleokane 2009 *Law, Democracy and Development* 142.

32 Seleokane 2009 *Law, Democracy and Development* 141.

33 Seleokane 2009 *Law, Democracy and Development* 141.

34 *Juma Masjid* par 37.

35 2002 5 SA 721 (KH). Hierna slegs *TAC*.

36 Woolman en Fleisch *Constitution and the Classroom* 120.

37 Woolman en Fleisch *Constitution and the Classroom* 121.

38 Malherbe 2004 *TSAR* 432.

39 Berger 2003 *Columbia LR* 615.

*Grondwet*.<sup>40</sup> Die invloed van artikel 36 van die *Grondwet*, oftewel die beperkingsklousule, op die reg op basiese onderwys, sal later in die skryfstuk bespreek word.

Dit is duidelik dat daar 'n groter doel met artikel 29 is as bloot om 'n sekere aantal jare van onderrig beskikbaar te stel. Onderwys het tog uiteindelik die doel om kinders in staat te stel om 'n sekere vlak van geletterdheid te bereik. Die uitspraak in *Juma Masjid* en die interpretasie van die *World Declaration on Education for all* bevestig dat die *Grondwet* inderdaad voorsiening maak vir die reg op basiese onderwys wat nie net na 'n tydperk van onderwys verwys nie, maar ook na 'n sekere standaard of kwaliteit van onderwys.

## **2.2 Die reg op gelykheid**

Die *Grondwet* bepaal dat *elkeen* die reg op basiese onderwys het. Ten einde te bepaal of die staat aan sy verpligting tot die verskaffing van basiese onderwys voldoen, moet daar dus bepaal word of kwaliteit basiese onderwys aan *elke kind* in Suid-Afrika verskaf word. Artikel 9 van die *Grondwet* bepaal dat elkeen gelyk is voor die reg en geregtig is op gelyke beskerming deur die reg. Die aanhef van die *Grondwet* stel dit duidelik dat die realisering van regte daarop gemik is om gelykheid te bereik, die lewens van alle burgers te verbeter en vryheid te gee aan die potensiaal van elke persoon.<sup>41</sup> Artikel 39(1) bepaal dat wanneer die regte in die Handves van Regte geïnterpreteer word, dit gedoen moet word in die lig van die waardes waarop 'n demokratiese gemeenskap gebaseer is, naamlik menswaardigheid, gelykheid en vryheid en dit is slegs in hierdie konteks dat die verbintenis tussen artikel 29 en 9 korrek bespreek kan word.<sup>42</sup>

Gelykheid beteken dat persone in dieselfde posisie geregtig is op gelyke behandeling.<sup>43</sup> In *Prinsloo v Van der Linde*<sup>44</sup> definieer die Konstitusionele Hof onregverdig diskriminasie as ongelyke behandeling wat benadeling vir mense se waardigheid inhou of 'n persoon ernstig affekteer. Wanneer 'n persoon weerhou word om 'n sekere reg wat ingevolge die Handves van Regte aan hom toegeken is, te

---

40 Seleokane 2009 *Law, Democracy and Development* 140.

41 Proudlock "Children's Socio-economic Rights" 291.

42 Malherbe 2004 *Perspectives in Education* 11.

43 Malherbe 2004 *TSAR* 442.

44 1997 6 BCLR 759 (KH) par 31-32.

geniet, kan dit ook neerkom op die inbreukmaking van sy regte.<sup>45</sup> Volgens Fagan<sup>46</sup> vind diskriminasie plaas indien 'n reg wat voorkom in een van die 27 substantiewe artikels van die Handves van Regte, slegs aan sekere persone oorgedra word en nie aan ander nie. In die konteks van onderwys lei dit tot die uitsluiting van sekere kinders. Kinders word uitgesluit op grond van waar hul woon, soos afgeleë of afgesonderde gebiede, hoe hulle woon, byvoorbeeld 'n armoedige bestaan en wie hulle is, byvoorbeeld hul geslag, geloofsoortuigings en taalvoorkeure.<sup>47</sup> Hierdie kinders word deur diskriminasie geraak en sal nie in staat wees om die siklus daarvan te verbreek sonder regstellende optrede nie.<sup>48</sup> Armoede dwing kinders dikwels om van jongs af deel te hê aan die oorlewing van die gesin deur kos bymekaar te maak; tyd wat na regte eerder aan onderrig spandeer moet word.<sup>49</sup> Verder het armoede ook 'n negatiewe effek op die fisiese en geestesgesondheid van kinders wat skoolgaan dikwels onmoontlik maak.<sup>50</sup>

Om gelykheid in Suid-Afrika te bewerkstellig, is 'n uitdaging. Die fondasie vir transformasie in Suid-Afrika is die *Grondwet* en die aanhef daarvan sê spesifiek dat die *Grondwet* die doel dien om die ongelykheid wat in die verlede bestaan het, reg te stel en ook om die kwaliteit lewe en potensiaal van alle burgers te verbeter.<sup>51</sup> In *Bato Star Fishing (Pty) Ltd v Minister of Environmental Affairs and Tourism and Others*<sup>52</sup> verwys regter Ngcobo na stappe wat geneem moet word om die verdeelheid wat in die verlede bestaan het, reg te stel ten einde te verseker dat daar nie op regte inbreuk gemaak word nie.

Our Constitution differs from other constitutions which assume that all are equal and in so doing simply entrench existing inequalities. Our Constitution recognises that decades of systematic racial discrimination entrenched by the apartheid legal order cannot be eliminated without positive action being taken to achieve that result...The effects of discrimination may continue indefinitely unless there is a commitment to end it.

---

45 Malherbe "The Impact of Constitutional Rights on Education" 421.

46 Fagan 1998 *SAJHR* 235.

47 Heijnen-Maathuis 2008 <http://resourcecentresavethechildren.se/sites/default/files/documents/1531.pdf>.

48 Heijnen-Maathuis 2008 <http://resourcecentresavethechildren.se/sites/default/files/documents/1531.pdf>.

49 Kubow en Fossum *Comparative Education* 136.

50 Kubow en Fossum *Comparative Education* 136.

51 De Vos 2001 *SAJHR* 268.

52 2004 4 SA 490 (KH).

Die daarstelling van gelyke onderriggeleenthede moet as prioriteit dien juis omdat kwaliteit onderwys so belangrik is vir die verbetering van die kwaliteit lewe van miljoene mense.<sup>53</sup> Mense kan egter nie hul volle potensiaal bereik waar strukturele ongelykhede bestaan en die staat nalaat om dit reg te stel nie.<sup>54</sup> Die staat moet hierdie sosiale en ekonomiese behoeftes aanpak soos wat die doel van die *Grondwet* is.<sup>55</sup> Die effek van apartheid is spesifiek sigbaar in die voorsiening van staatsdienste soos behuising, gesondheidsorg, maatskaplike dienste en onderwys.<sup>56</sup> In *Head of Department: Mpumalanga Department of Education and Another v Hoërskool Ermelo and Another*<sup>57</sup> het die Konstitusionele Hof die impak van apartheid wat gelei het tot die ongelykhede wat vandag steeds bestaan, verduidelik:

It is so that white public schools were hugely better resourced than black schools...On the other hand, formerly black public schools have been and by and large remain scantily resourced. They were deliberately funded stingily by the apartheid government...That is why perhaps the most abiding and debilitating legacy of our past is an unequal distribution of skills and competencies acquired through education.

Die interaksie tussen die reg op onderwys en die gelykheidsklousule is opmerklik in 'n land wat gekenmerk is deur ongelyke en bevoordelende behandeling van sekere groepe in die geskiedenis van die land. Om hierdie rede is sekere wetgewing, soos die *Wet op die Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onregverdig Diskriminasie*,<sup>58</sup> in plek gestel.<sup>59</sup> Waar die *Interim Grondwet* in artikel 32 uitdruklik voorsiening gemaak het vir die reg op gelyke onderrig, word hierdie reg geïmpliseer deur die insluiting van die gelykheidsklousule in die *Grondwet*.<sup>60</sup> Die impak van die gelykheidsklousule op die reg op onderwys is direk verbind aan die gelyke toegang tot onderwys en ook toegang tot onderrigfasiliteite.<sup>61</sup> Artikel 29(1)(a) saamgelees met

---

53 Malherbe 2004 *Perspectives in Education* 10.

54 Malherbe 2004 *Perspectives in Education* 10.

55 De Vos 2001 *SAJHR* 268.

56 Malherbe 2004 *Perspectives in Education* 10.

57 2010 2 SA 415 (KH) par 46.

58 4 van 2000.

59 Malherbe 2004 *TSAR* 431.

60 Malherbe 2004 *TSAR* 431.

61 Malherbe "The Impact of Constitutional Rights on Education" 421.

artikel 9 beteken dat die reg op onderwys ook die reg op gelyke onderwysgeleenthede beteken.<sup>62</sup>

In *Harksen v Lane NO*<sup>63</sup> het die Konstitusionele Hof 'n metode getabuleer om vas te stel of daar inbreuk gemaak word op die reg op gelykheid. Die metode stel die volgende vrae daar: Differensieer die optrede tussen mense of kategorieë mense? Kom die differensiasie neer op onregverdig diskriminasie? Om laasgenoemde vas te stel, moet daar bepaal word of die differensiasie neerkom op diskriminasie ten opsigte van 'n spesifieke grond en of dit gebaseer is op 'n spesifieke karaktereienskap wat die potensiaal het om fundamentele regte te affekteer. Indien die antwoord op laasgenoemde "ja" is, kom die diskriminasie neer op onregverdig diskriminasie. Sou hierdie metode gebruik word om te bepaal of onregverdig diskriminasie plaasvind tussen kinders omdat die staat nie voldoen aan hul plig om infrastruktuur te voorsien nie, is die antwoord dat dit wel op diskriminasie neerkom. Die versuim van die staat om handboeke of water te voorsien, differensieer tussen mense. 'n Tekort aan geletterdheid word verbind met armoede.<sup>64</sup> Statistiek toon dat skole in afgeleë gebiede of in informele nedersettings, nie oor dieselfde infrastruktuur as skole in die stedelike gebiede beskik nie. Hier kan die afleiding gemaak word dat kinders wat uit armoede gebore is en groot word in armer dele van die land, nie oor dieselfde onderwys "voorregte" beskik as kinders in meer gegoede gesinne en dele van die land nie. Geletterdheid versterk die vermoë van individue, families en gemeenskappe om toegang te verkry tot gesondheids-, onderwys-, politiese-, ekonomiese- en kulturele geleenthede en dienste.<sup>65</sup> Die argument kan aangevoer word dat waar die staat versuim om kwaliteit onderwys aan alle leerders te verskaf, spesifiek aan die armes in die informele nedersettings en afgeleë gebiede, dit nie net inbreuk maak op hul reg op onderwys nie, maar ook hul reg op gelyke beskerming en voordele wat die reg bied.<sup>66</sup>

Artikel 9 speel 'n belangrike rol in die interpretering van artikel 29 omdat die reg op basiese onderwys ook die reg op gelyke onderwys insluit. Versuim deur die staat om infrastruktuur te verskaf kom neer op diskriminasie omdat alle kinders nie gelyke

---

62 McConnachie en McConnachie 2012 *SAJL* 571.

63 1998 1 SA 300 (KH) par 53.

64 UNESCO 2006 <http://unesdoc.unesco.org/images/0014/001416/141639e.pdf>.

65 UNESCO 2006 <http://unesdoc.unesco.org/images/0014/001416/141639e.pdf>.

66 Malherbe 2004 *TSAR* 444.

geleenthede gebied word nie. Onderrig bemagtig kinders om later in hul lewens 'n keuse uit te oefen ten opsigte van tersiêre onderrig of werksgeleenthede. Kinders word van hierdie geleentheid tot verdere onderrig of om deel van die arbeidsmag te wees, ontnem indien daar inbreuk gemaak word op hul reg op basiese onderwys. Die staat is nie in die posisie om sekere skole, en dus sekere kinders, te ignoreer nie, en moet juis positiewe stappe neem om daardie skole en kinders op wie se reg daar inbreuk gemaak word, te realiseer.

### **3 Internasionale en regionale instrumente**

Die *Grondwet* bepaal in artikels 39 en 233 onderskeidelik dat hoewe en tribunale internasionale reg moet oorweeg wanneer 'n reg uiteengesit in die Handves van Regte geïnterpreteer word en dat wanneer nasionale wetgewing geïnterpreteer word, hoewe die interpretasie moet verkies wat in lyn is met internasionale reg. Daar is 'n regs- en morele verpligting op Suid-Afrika, as 'n party tot hierdie internasionale instrumente en 'n land wat verbind is tot die bevordering en beskerming van kinders se regte, om die bepalinge van internasionale instrumente na te kom.<sup>67</sup> Gevolglik sal daar gekyk word na die verpligting van Suid-Afrika in terme van die *Convention on the Rights of the Child*<sup>68</sup>, die *International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights*<sup>69</sup> sowel as die *African Charter on the Rights and Welfare of the Child*<sup>70</sup> ten opsigte van die kind se reg op basiese onderwys en ander regte wat daarmee in verband staan.

#### **3.1 Die reg op basiese onderwys**

##### **3.1.1 Die *Convention on the Rights of the Child***

Die *CRC* is die eerste internasionale instrument wat die ekonomiese, politieke, sosiale, kulturele en godsdienstige regte van kinders omvattend in een dokument vevat.<sup>71</sup> Behalwe vir die feit dat die *CRC* die mees geratifiseerde verdrag in die geskiedenis van menseregte verdrae is, het dit ook die grootste impak gehad op

---

67 Viljoen "African Charter on the Rights and the Welfare of the Child" 350.

68 Hierna slegs die *CRC*.

69 Hierna slegs die *ICESCR*.

70 Hierna slegs verwys na as die *African Children's Charter*, oftewel die *ACC*.

71 Mahery "The United Nations Convention on the Rights of the Child: Maintaining its Value in International and South African Child Law" 311.



state se gedrag teenoor hul kinders.<sup>72</sup> Die *CRC* is in 1989 aanvaar en het op 2 September 1990 in werking getree.<sup>73</sup> Die inhoud van die *CRC* is in artikel 28 van die *Grondwet* sowel as in groot dele van die *Children's Act* geïnkorporeer. Die reg van die kind tot onderwys word in artikel 28 van die *CRC* soos volg saamgevat.

States Parties recognize the right of the child to education, and with a view to achieving this right progressively and on the basis of equal opportunity, they shall, in particular:

- (a) Make primary education compulsory and available free to all;
- (e) Take measures to encourage regular attendance at schools and the reduction of drop-out rates

Artikel 28 is egter nie die enigste bepaling in die *CRC* wat na die reg op onderwys verwys nie. Waar artikel 28 die algemene regte van kinders beskerm, handel artikel 29 eerder oor die groter doelwitte en metodeologie van onderwys.<sup>74</sup> Artikel 29 verwys in die eerste paragraaf na die doel van onderwys en in die tweede paragraaf na die vryheid van individue sowel as liggame om onderriginstellings op die been te bring. Verder verwys artikel 29 ook na die tipe onderwys wat beskikbaar gestel moet word aan minderheidsgroepe.<sup>75</sup> Vir doeleindes van hierdie skryfstuk sal daar egter gefokus word op die inhoud van artikel 28.

Artikel 28(1) plaas 'n plig op state om basiese onderwys, sekondêre en hoër onderwys beskikbaar en binne bereik te stel.<sup>76</sup> Dit is egter opmerklik dat daar 'n hoër standaard is waaraan die staat moet voldoen vir die verskaffing van basiese onderwys en dat daar dus nie spasie vir die staat is om van sy verpligting weg te skram nie.<sup>77</sup> Artikel 28 doen 'n beroep op lidstate om internasionale samewerking in alle sake wat verbandhou met onderwys.<sup>78</sup> Artikel 4 bepaal dat partye tot die *CRC* gepaste wetgewende, administratiewe en ander maatreëls wat deur die *CRC* herken word, moet implementeer. Sulke maatreëls moet die maksimum omvang van hul beskikbare hulpbronne gebruik. Lidstate tot die *CRC* moet dus aan hul verpligtinge daaronder voldoen deur onderrig beskikbaar te stel. Dit vereis die plig om finansiële

---

72 Mahery "The United Nations Convention on the Rights of the Child: Maintaining its Value in International and South African Child Law" 311.

73 Suid-Afrika het die *CRC* op 16 Junie 1995 geratifiseer.

74 Heijnen-Maathuis 2008 <http://resourcecentresavethechildren.se/sites/default/files/documents/1531.pdf>.

75 Dall "Children's Right to Education" 145.

76 Verheyde *A Commentary on the United Nations Convention on the Rights of the Child* 15.

77 Johnson 2010 *IJCR* 188.

78 Dall "Children's Right to Education" 145.

en tegniese aksie te neem om te verseker dat 'n onderwysstelsel van goeie kwaliteit op die been gebring word.<sup>79</sup> In interpretasie van kwaliteit onderwys, bepaal die Komitee van die *CRC* dat daar ook gefokus moet word op 'n kwaliteit leeromgewing.<sup>80</sup> Die fasiliteite waarin state moet voorsien en die uiteindelijke vraag of daar aan die plig om onderwys te voorsien, voldoen is, berus eindelijk op 'n saak-tot-saak basis.<sup>81</sup> Daar is egter sekere fasiliteite, oftewel infrastruktuur, wat voorsien moet word, ongeag die staat se ontwikkelingsstatus.<sup>82</sup> Dit sluit in geboue, sanitasie fasiliteite vir beide dogters en seuns, veilige drinkwater en ook praktiese gereedskap.<sup>83</sup> Die Komitee van die *CRC* het in hul verslag rakende die implementering van die *CRC* in Suid-Afrika, hul kommer uitgespreek oor oorbevolking in klaskamers, tekort aan leermateriaal en swak infrastruktuur.<sup>84</sup> Kwaliteit onderwys beteken ook dat state ook bevoegde opvoeders moet voorsien en oplei.<sup>85</sup> Bogenoemde, as ook kwaliteit studiemateriaal, is bepalend vir die minimum standaard vir onderwys in alle lande, ongeag hul ekonomiese situasie.<sup>86</sup> State moet ook toegang tot onderwys waarborg. Toegang tot onderwys het drie oorvleuelende dimensies.<sup>87</sup> Dit sluit in die reg om nie teen gediskrimineer te word nie, dat daar fisiese toegang tot onderrig moet wees en ook dat dit ekonomiese toeganklik moet wees.<sup>88</sup> State moet verseker dat onderwys van 'n gepaste kwaliteit verskaf word sodat skoolbywoning inderdaad gepaste onderwys daarstel.<sup>89</sup> State moet in hul verslae aan die Komitee illustreer dat die nodige planne, programme en beleide onderneem word om die sosio-ekonomiese regte van kinders progressief te implementeer.<sup>90</sup>

### 3.1.2 Regionale Instrumente

Die ACC is 'n regionale instrument wat op lande van die Afrikakontinent toepassing vind. Die ACC is deur Suid-Afrika geratifiseer op 7 Januarie 2000. Die ACC verhef

79 Verheyde *A Commentary on the United Nations Convention on the Rights of the Child* 15.

80 *CRC General Comment 1* par 22.

81 Verheyde *A Commentary on the United Nations Convention on the Rights of the Child* 16.

82 Verheyde *A Commentary on the United Nations Convention on the Rights of the Child* 16.

83 *ICESCR General Comment 13* par 6.

84 *CRC General Comment 1* par 22.

85 Verheyde *A Commentary on the United Nations Convention on the Rights of the Child* 16.

86 Heijnen-Maathuis 2008 <http://resourcecentresavethechildren.se/sites/default/files/documents/1531.pdf>.

87 Verheyde *A Commentary on the United Nations Convention on the Rights of the Child* 17.

88 Verheyde *A Commentary on the United Nations Convention on the Rights of the Child* 17.

89 Johnson 2012 *IJCR* 189.

90 Sloth Nielson 1995 *SAJHR* 416.

die status van sosio-ekonomiese regte, soos onderwys, deur dit sterker as die *ICESCR* te bewoord, en benadruk hiermee dat hierdie regte nie net progressief gerealiseer kan word nie.<sup>91</sup> Kinders word gesien as bronne van potensiaal wat die behoefte het aan ontwikkeling en ontwikkeling kan slegs plaasvind deur middel van onderrig.<sup>92</sup> Artikel 11 van die *ACC* verwys spesifiek na die reg van die kind tot basiese onderwys. Alhoewel artikel 11 nie uitbrei oor die verpligtinge van die staat ten opsigte van infrastruktuur nie, bepaal artikel 11(3)(d) dat staatspartye die nodige maatreëls in plek moet stel om gereelde bywoning te verseker en ook om die aantal leerlinge wat nie skool voltooi nie, te minimaliseer. Die *ACC* verskil egter van die *CRC* deurdat dit onder andere fokus op tradisionele waardes en kulture, die behoud van nasionale onafhanklikheid en gebiedsintegriteit en die bevordering van die Afrika-eenheid.<sup>93</sup> Verder fokus die *ACC* ook op gelyke onderwysgeleenthede van dogters op grond van 'n geskiedenis van diskriminasie op grond van geslag.<sup>94</sup>

Anders as die *CRC* wat slegs na die beste belang van die kind as 'n primêre oorweging verwys, bepaal die *ACC* in artikel 4 dat die beste belang van die kind die primêre oorweging moet wees. Die *ACC* maak ook geen melding van die plig wat op state is om onderwys toeganklik vir almal te maak nie.<sup>95</sup>

### 3.1.3 Die *International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights*

Alhoewel Suid-Afrika tot op hede die *ICESCR* slegs onderteken het, maar nie geratifiseer het nie, bly dit in terme van artikel 28 van die *Grondwet* 'n belangrike internasionale instrument wat oorweeg word om die staat se prestasie in terme van die reg op basiese onderwys te bepaal.<sup>96</sup> Die *ICESCR* bepaal in artikel 13 dat alle partye daartoe die reg van almal tot basiese onderwys moet erken. Artikel 13 is die langste bepaling in die *ICESCR* en ook die mees omvattendste artikel aangaande die reg op onderwys in internasionale reg.<sup>97</sup> Artikel 13(2) bepaal dat basiese onderwys verpligtend en gratis beskikbaar gestel moet word, dat sekondêre onderrig algemeen beskikbaar moet wees en dat hoër onderrig, met in agneming van

---

91 Rosa en Dutshke 2006 *SAJHR* 236

92 Viljoen F "The African Charter on the Rights and Welfare of the Child" 339.

93 Chirwa 2002 *IJCR* 162.

94 A11(3)(e), Chirwa 2002 *IJCR* 162.

95 Chirwa 2002 *IJRC* 163.

96 Mbazira 2009 *Litigating Socio-Economic Rights in South Africa* 15.

97 *ICESCR General Comment* 13 par 2.

kapasiteit, ook toeganklik sal wees aan almal op gelyke gronde. Die Komitee oor Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte, wat ingevolge die *ICESCR* op die been gebring is, verwys in sy Algemene Kommentaar nommer 13 onmiddellik na die belangrikheid van basiese onderwys en die erkenning van die reg as 'n mensereg.<sup>98</sup> Die komitee van die *ICESCR* bepaal dat 'n staat nie sy verpligting onder die *ICESCR* nakom nie indien 'n beduidende aantal mense in sy jurisdiksie ontnem word van die mees basiese vorm van onderwys.<sup>99</sup> Dit is die primêre wyse waarop ekonomiese en sosiale gemarginaliseerde volwassenes en kinders hulself bo armoede kan laat uitstyg en kan bydra tot die gemeenskap.<sup>100</sup> Verder speel dit 'n rol om vrouens te bemagtig, kinders te beveilig van enige uitbuitery, menseregte te bevorder, die omgewing te beskerm asook om populasiegroei te beheer.<sup>101</sup>

Die reg op basiese onderwys bevat verskeie elemente waaronder beskikbaarheid, toeganklikheid, aanvaarbaarheid en aanpasbaarheid tuisgebring word.<sup>102</sup> Hierdie elemente word gesien as die standaard waaraan state hulself kan meet onder hul verpligting tot verskaffing van basiese onderwys.<sup>103</sup> Besikbaarheid, in hierdie konteks, verwys na onderriggeleenthede asook die geboue, sanitasiegeriewe, leermateriaal en veilige drinkwater ten einde volle uitvoering te kan gee aan die reg op onderwys.<sup>104</sup> Besikbaarheid omvat dus die nodige infrastruktuur wat noodsaaklik is vir funksionering van skole. Tweedens moet onderrig toeganklik wees. Leerders moet in staat wees om die skoolgeboue, leermateriaal en opvoeders wat verskaf word, te gebruik.<sup>105</sup> Ingevolge die *ICESCR* moet hierdie reg sonder enige diskriminasie wees en spesifiek ten op sigte van die mees weerlose groepe in die gemeenskap.<sup>106</sup> Dit is belangrik dat onderwys finansiëel en fisies toeganklik moet wees.<sup>107</sup> Daar moet op basiese en sekondêre onderwysvlak geen onderskeid gemaak word op grond van kapasiteit en vermoëns nie.<sup>108</sup> Basiese onderwys moet fisies beskikbaar gestel word deur middel van moderne tegnologie of deurdat dit

---

98 Die komitee gaan selfs so ver om te sê dat onderwys een van die beste beleggings is wat 'n staat kan maak.

99 *ICESCR General Comment 13* par 57.

100 *ICESCR General Comment 13* par 1.

101 *ICESCR General Comment 13* par 1.

102 Malherbe "Education Rights" 402.

103 Woolman en Fleish *The Constitution in the Classroom* 130.

104 *ICESCR General Comment. 13* par 6.

105 Woolman en Fleish *The Constitution and the Classroom* 131.

106 A 2(2).

107 Woolman en Fleish *The Constitution and the Classroom* 131.

108 *ICESCR General Comment 13* par 6(b).

binne veilige en redelike afstand is. Basiese onderwys moet ook aanvaarbaar wees en dus kwaliteit gerig wees.<sup>109</sup> Laastens plaas basiese onderwys 'n verpligting op die staat om onderwys aanpasbaar te maak. Aanpasbaarheid vereis dat onderwys buigbaar moet wees sodat dit kan aanpas by die behoeftes van 'n veranderende samelewing en diverse sosiale en kulturele omgewing.<sup>110</sup>

Volgens Van der Merwe<sup>111</sup> definieer die internasionale gemeenskap die reg op basiese onderwys soos volg:

Basic education must allow a child to:

- a) develop his/her personality fully and to be independent;
- b) strengthen his/her respect for human rights and other cultures;
- c) anticipate effectively in a society, including adherence to his/her public responsibilities;
- d) develop intellectually, emotionally and physically;
- e) read, write and understand mathematical and scientific concepts effectively; and
- f) live a life of quality, based on sound moral values.

Die bogenoemde definisie is in lyn met dié van die *World Declaration on Education for all*<sup>112</sup> waarmee Suid-Afrika hom vereenselwig. Dit is belangrik dat Suid-Afrika na die internasionale instrumente kyk in hul interpretering van basiese onderwys juis omdat dit nie in ons wetgewing gedefinieer word nie. Dit is opmerklik dat die interpretasie van basiese onderwys internasionaal fokus op wat bereik wil word met basiese onderwys en wat die uiteindelijke doel daarvan is. Indien dieselfde maatstaf in Suid-Afrika gevolg sou word, sal dit duidelik word wat die verpligting van die staat daartoe is.

### **3.2 Die reg op gelykheid**

Kinders se menseregte moet as die vertrekpunt gesien word vir die assessering van onderwys, die belangrikheid om diskriminasie te beveg en ook om die doel van onderrig te bevraagteken.<sup>113</sup> Die staat se verpligting ten opsigte van die verskaffing van onderwys, sover dit die nie-diskriminasie-klausule insluit, verplig state om die

---

109 Skelton 2013 *De Jure* 5.

110 *ICESCR General Comment 13* par 6.

111 Van der Merwe 2012 *SAPR* 370.

112 1990.

113 Heijnen-Maathuis 2008 <http://resourcecentresavethechildren.se/sites/default/files/documents/1531.pdf>.

gelykheidsbeginsel in verskillende fasette in skole te respekteer, insluitend toeganklikheid en kwaliteit.<sup>114</sup> Tweedens moet daadwerklike maatreëls in plek gestel word om diskriminasie in skole te elimineer en derdens moet beleide in plek gestel word wat substantiewe gelykheid deur die staat waarborg.<sup>115</sup>

### 3.2.1 Die *Convention on the Rights of the Child*

Die *CRC* word gegrond op vier beginsels naamlik nie-diskriminasie,<sup>116</sup> deelname deur die kind,<sup>117</sup> die beste belang van die kind<sup>118</sup> en die oorlewing en ontwikkeling van die kind.<sup>119</sup> Hierdie vier beginsels lê die hoekstene van alle ander regte in die *CRC* vervat. Die opstellers van die *CRC* het besluit om klem te plaas op gelykheid in onderwys juis deur die herbevestiging van die algemene nie-diskriminasie-beginsel in artikel 2(1) en artikel 28(1).<sup>120</sup> Die *CRC* bepaal in artikel 2(1)

States Parties shall respect and ensure the rights set forth in the present Convention to each child within their jurisdiction without discrimination of any kind, irrespective of the child's or his or her parent's or legal guardian's race, colour, sex, language, religion, political or other opinion, national, ethnic or social origin, property, disability, birth or other status.

Spesiale aandag moet geskenk word aan kinders wat in afgeleë en afgesonderde gebiede woon.<sup>121</sup> State word telkemale aangemaan om aandag te gee aan die behoeftes van hierdie kinders.<sup>122</sup> Hierdie kinders woon in afgeleë gebiede wat moeilik bereikbaar is. Daar is meestal nie die nodige vervoer, water, sanitasiegeriewe asook bereidwillige opvoeders wat 'n direkte invloed op die kinders se onderrig het.<sup>123</sup>

Volgens die *UNESCO Convention Against Discrimination in Education*<sup>124</sup> verwys diskriminasie in onderwys na enige verskille, uitsluitings, beperkinge en voorkeure op enige van die verbiedende grond wat die reg op gelykheid in onderwys nietig sal

---

114 Verheyde *A Commentary on the United Nations Convention on the Rights of the Child* 39.

115 Verheyde *A Commentary on the United Nations Convention on the Rights of the Child* 39.

116 A 2.

117 A 12.

118 A 3.

119 A 6.

120 Verheyde *A Commentary on the United Nations Convention on the Rights of the Child* 36.

121 Verheyde *A Commentary on the United Nations Convention on the Rights of the Child* 41.

122 Verheyde *A Commentary on the United Nations Convention on the Rights of the Child* 41.

123 Verheyde *A Commentary on the United Nations Convention on the Rights of the Child* 41.

124 *United Nations Educational, Scientific and Cultural Organization*.

maak.<sup>125</sup> Die Komitee wys verder daarop dat diskriminasie verskeie vorms aanneem waaronder onvoldoende sorg en aandag en beperkte geleenthede met betrekking tot speel, leer en onderwys.<sup>126</sup> In artikel 28(1) word daar weer verwys na die reg op gelykheid in die realisering van die reg op onderwys. Gelykheid in die konteks van onderwys beteken dat lidstate tot die *CRC* onderwys beskikbaar en bereikbaar moet stel op die grond van gelyke geleenthede.<sup>127</sup> Gelyke geleenthede moet vir leerders geskep word om gelyke omstandighede te geniet waarin hulle hul volle potensiaal kan ontwikkel. Daar moet ook maatreëls in plek gestel word om vir historiese en sosiale nadele te kompenseer.<sup>128</sup>

### 3.2.2 Die *International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights*

Ook die *ICESCR* verwys na gelyke behandeling en nie-diskriminasie in die konteks van onderwys. State het ook 'n sogenaamde *minimum core obligation*. Binne die konteks van artikel 13 beteken dit dat state die plig het om toegang tot onderwysinstellings- en programme op nie-diskriminerende wyse te verseker, dat basiese onderwys voldoen aan die doelwitte uiteengesit in artikel 13(1) en om basiese onderrig aan almal te voorsien<sup>129</sup>

In paragraaf 31 van die Algemene Kommentaar wys die komitee daarop dat die verbod teen diskriminasie in artikel 2(2) van die *ICESCR* nie onderhewig is aan progressiewe realisering of die beskikbaarheid van hulpbronne nie. Dit sluit in die waarborg teen diskriminasie<sup>130</sup> en die plig om stappe te neem ter realisering van die regte vervat in artikel 13.<sup>131</sup> Die progressiewe realisering van die reg op onderwys moet nie op 'n wyse geïnterpreteer word wat state van hul verpligtinge onthef nie. Dit beteken juis dat lidstate 'n spesifieke en deurlopende verpligting het om so vinnig en effektief moontlik nader aan die volle realisering van die omvang van artikel 13 te beweeg.<sup>132</sup> Die staat moet aan sekere verpligtinge voldoen ten einde hierdie reg te realiseer: Lidstate het die verpligting om die reg te respekteer deur enige stappe wat

---

125 1960.

126 *CRC General Comment 7* par 11.

127 Verheyde *A Commentary on the United Nations Convention on the Rights of the Child* 36.

128 Heijnen-Maathuis 2008 <http://resourcecentresavethechildren.se/sites/default/files/documents/1531.pdf>.

129 Artikel 13(2).

130 A 2(2).

131 A 2(1). *ICESCR General Comment 13* par 43.

132 *ICESCR General Comment 13* par 44.

met die genieting van die reg op onderwys sal inmeng, te vermy.<sup>133</sup> Lidstate moet hierdie reg beskerm deur stappe te neem wat die reg op onderwys teen inmenging van derde partye waarborg. Die verpligting om aan die reg te voldoen, plaas 'n plig op lidstate om positiewe stappe te neem wat individue toelaat om hierdie reg te geniet.

#### **4 Die beste belang van die kind-maatstaf**

Die “beste-belang-van-die-kind-maatstaf” is al beskryf as die goue draad wat deur Suid-Afrikaanse reg wat kinders raak, loop.<sup>134</sup> Artikel 28(2) van die *Grondwet* asook artikel 9 van die *Children's Act* bepaal dat die beste belang van die kind deurslaggewend moet wees in elke aangeleentheid wat die kind raak. Die bewoording van artikel 28(2) is gebaseer op artikel 3 van die *CRC* en artikel 4 van die *ACC*. Artikel 3 van die *CRC* bepaal dat die beste belang van 'n kind 'n primêre oorweging moet wees, terwyl artikel 4 van die *ACC* bepaal dat dit *die* primêre oorweging moet wees. Die beste belang van die kind maak ook deel uit van een van die vier beginsels waarop die *CRC* gebaseer is. Schäfer<sup>135</sup> is van mening dat alhoewel artikel 28(2) nie as 'n reg geartikuleer word nie, word dit sodanig deur howe gekategoriseer en gehanteer. Bonthuys<sup>136</sup> is egter van mening dat artikel 28(2) nie 'n reg daarstel nie en dat howe dit ook nie so interpreteer nie. In *Jooste v Botha*<sup>137</sup> het die hof vir die eerste keer bepaal dat artikel 28(2) 'n algemene riglyn eerder as regsreël daarstel. Artikel 28(2) is verder ook behulpsaam om die betekenis, omvang en beperking van ander regte in die Handves van Regte te bepaal.<sup>138</sup> In *McCall v McCall*<sup>139</sup> het die hof vir die eerste keer 'n lys faktore saamgestel wat gebruik kan word om die beste belang van die kind te bepaal. Artikel 7 van die *Children's Act* is op hierdie faktore in *McCall* gebaseer. Artikel 28(1) van die *Grondwet* lys spesifieke situasies waar die beste belang van die kind in ag geneem moet word, maar die beste belang van die kind word ook uitgebrei om toepassing te vind op enige ander konstitusionele reg of ander saak wat die kind raak.<sup>140</sup> Die beste-belang-van-die-kind – standaard is dus nie net op familiesake van toepassing nie, maar ook op enige

---

133 ICESCR General Comment 13 par 47.

134 Bekink en Bekink 2004 *De Jure* 21.

135 Schäfer *Child Law in South Africa* 153.

136 Bonthuys 2006 *International Journal of Law, Policy and Family* 26.

137 2000 (2) SA 199 (T).

138 Skelton “Constitutional and International Protection of Children's Rights” 280.

139 1994 3 SA 201 (K).

140 Malherbe 2008 *TSAR* 268.



ander aspek wat die lewe van 'n kind raak.<sup>141</sup> In *Minister of Welfare and Population Development v Fitzpatrick and Others*<sup>142</sup> sê die hof dat artikel 28 ook verder uitgebrei moet word as die regte waarna verwys word in artikel 28(2).<sup>143</sup>

In *S v M*<sup>144</sup> moes die hof bepaal wat die presiese betekenis van 'deurslaggewende belang' is. Regter Sachs het bepaal dat die beste belang van die kind bepaal word deur die omstandighede van elke saak en dat daar nie 'n voorafbepaalde formule gebruik kan word nie.<sup>145</sup> Regter Sachs het verder gegaan deur te sê dat alhoewel die beste belang van die kind bepalend is, dit nie 'n absolute reg is nie.<sup>146</sup> Soos enige ander reg in die Handves van Regte is die reg in artikel 28 ook beperkbaar. Waar 'n botsing met ander regte plaasvind, moet dit gebalanseer word met die ander regte.<sup>147</sup> Die gewig wat aan die beste belang van die kind geheg sal word, sal afhang van saak tot saak.<sup>148</sup> Hierdie reg is afdwingbaar teen die staat en sy organe sowel as privaat persone en instellings.<sup>149</sup>

Alhoewel die *Grondwet* die reg op onderwys nie ingesluit het in die lys van artikel 28(1) nie, is dit duidelik dat die beste belang-beginsel die reg op onderwys verder versterk en ondersteun.<sup>150</sup> Die Wêreldgesondheidsorganisasie is van mening dat waar geïntegreerde opvoeding in sosiale en emosionele aspekte en ook fisiese en taalontwikkeling deel uitmaak van die skoolkurrikulum, dit kinders se algehele gesondheid verbeter.<sup>151</sup> *The White Paper on Education and Training*<sup>152</sup> bepaal dat onderwys mense toerus om hul volle kapasiteit te bereik, ingeligte besluite te maak en hul lewenskwaliteit te verbeter. Dit sluit onder andere kennis, vaardighede,

---

141 Malherbe 2008 *TSAR* 268.

142 2000 3 SA 422 (KH).

143 Par 17.

144 2008 3 SA 232 (KH).

145 Par 24.

146 Par 26.

147 Malherbe 2008 *TSAR* 284.

148 Malherbe "The Impact of Constitutional Rights on Education" 440.

149 Malherbe "The Impact of Constitutional Rights on Education" 440.

150 Berger 2003 *Columbia LR* 628.

151 Section27 Datum Onbekend <http://www.section27.org.za/wp-content/uploads/2013/03/SECTION27-submission-Draft-Regulations-Relating-to-Minimum-Uniform-Norms-and-Standards-for-Public-School-Infrastructure-Final.pdf>.

152 Kennisgewing 196 van 1995.

waardes en probleemoplossing in.<sup>153</sup> 'n Amerikaanse hof het die belang van onderwys soos volg saamgevat:<sup>154</sup>

whether they are continuing their education or are moving directly into the workforce, have higher levels of skills and knowledge.... [T]he minimum skills necessary to compete successfully for good jobs are high-level academic skills. Opportunities for less educated workers are likely to keep declining, while continued increases in the service sector will bring more good jobs to people with computer skills who are literate, can write, and are wellgrounded in science and mathematics.

Elke kind en volwassene sal voordeel trek uit voldoende onderrig omdat dit kinders toerus met kennis asook emosionele en sosiale vaardighede. Onderrig rus mense toe met die kennis om hul demokratiese regte uit te leef en gee mense die mag en geleentheid om bo armoede uit te styg en effektief in die arbeidsmag mee te ding.<sup>155</sup> In *Brown v Board of Education of Topeka*<sup>156</sup> stel die hof dit dat die reg op onderwys die grondslag lê vir goeie burgerskap.

it instils civic responsibility, ethical values, communication skills and objective knowledge to enable people to better communicate, make better decisions and reach consensus among themselves.

Geletterheid word geassosieer met 'n wye spektrum voordele wat insluit: individuele selfbeeld, selfvertroue en persoonlike bemagtiging.<sup>157</sup> Kulterele diversiteit word bevorder deur geletterdheid in ander minderheidstale.<sup>158</sup> Geletterde vroue het beter kennis van gesondheid en familiebeplanning en is ook meer geneigd om hul kinders skool toe te stuur en te help met hul studies.<sup>159</sup> Indien 'n kind die reg op kwaliteit onderrig ontnem word, beïnvloed dit nie net hom of haar as kind nie - hy of sy het 'n agterstand tydens hul hele lewe. Hul sal nie situasies wat lees, skryf en rekenkundige vermoë verg, kan hanteer nie, tensy hul toegang tot onderwysgeleentheidsde gegun word as tieners of volwassenes.<sup>160</sup>

Die beste belang van die kind kan dus in hierdie konstruksie van die reg op onderwys gesien word omdat onderwys deure oopmaak en dat 'n onderwysstelsel

---

153 Kennisgewing 196 van 1995.

154 Berger 2009 *Columbia LR* 659; *Campaign for Fiscal Equity v. State*, 719 N.Y.S.2d 475, 487.

155 Malherbe 2008 *TSAR* 275.

156 347 US 483 (1954) par 493.

157 UNESCO 2006 <http://unesdoc.unesco.org/images/0014/001416/141639e.pdf>.

158 UNESCO 2006 <http://unesdoc.unesco.org/images/0014/001416/141639e.pdf>.

159 UNESCO 2006 <http://unesdoc.unesco.org/images/0014/001416/141639e.pdf>.

160 UNESCO 2006 <http://unesdoc.unesco.org/images/0014/001416/141639e.pdf>.

wat nalaat om bogenoemde aan kinders te bied, nie in die beste belang van die kind optree nie.<sup>161</sup> Die argument kan aangevoer word dat waar die staat versuim om voldoende onderwys te verskaf, daar nie net inbreuk gemaak word op artikel 29 nie, maar ook dat die staat nie in die beste belang van die kind optree nie.<sup>162</sup> Die doel van basiese onderwys, soos in bostaande hoofstukke na verwys, is om kinders geletterd te laat, te bemagtig in alle aspekte van hul lewe en geleentheid te gee om die arbeidsmark te betree. Met inagneming hiervan is onderrig *per se* in die beste belang van enige kind.

## **5 Verpligtinge van die staat ten op sigte van die verskaffing van infrastruktuur**

### **5.1 Beleidsraamwerke deur die Departement van Onderwys**

Die rol van die Departement van Basiese Onderwys, as orgaan van die staat, is onmisbaar wanneer 'n strategie in werking gestel moet word om die agterstand wat infrastruktuur in skole betref, reg te stel. In *De Reuck v Director of Public Prosecution*<sup>163</sup> bepaal die hof dat kinders spesiale beskerming van die staat moet kry en beskerm moet word deur wetgewing wat oor hul regte waak en dit afdwing. Die *Grondwet* bepaal in artikel 40 dat dat die staat verdeel word in die nasionale, provinsiale en plaaslike sferes en dat hierdie sferes interafhanklik is van mekaar en samewerking vereis.<sup>164</sup> Artikel 8(1) van die *Grondwet* bepaal dat die Handves van Regte die wetgewer, die uitvoerende gesag en die hofe bind. Die nasionale en provinsiale sferes is konkurrent verantwoordelik vir onderwys, uitsluitend tersiêre onderrig.<sup>165</sup> Artikel 195 van *Grondwet* vereis van die nasionale en provinsiale sferes om onder andere 'n hoë standaard van professionele etiek in die administrasie van onderwys te handhaaf en effektiewe gebruik van bronne bevorder. Wanneer 'n wetgewende raamwerk in plek is, is dit die rol van die uitvoerende gesag om te verseker dat die reg gerealiseer word deur praktiese stappe te neem daartoe.<sup>166</sup> Elke provinsie beskik oor hul eie wetgewing en is in beheer van alle sake wat verband hou met onderwys, maar nasionale wetgewing wat uniforme norme en standaarde

---

161 Malherbe 2008 TSAR 275.

162 Berger 2003 *Columbia LR* 628.

163 2004 1 SA 406 (KH) par 63.

164 Bray 2002 *THRHR* 518.

165 Bray 2002 *THRHR* 516.

166 Skelton 2013 *De Jure* 1.

voorskryf, sal heers oor provinsiale wetgewing.<sup>167</sup> Laastens moet die staat ook aanspreeklikheid en deursigtigheid waarborg deur die publiek van tydige, toeganklike en akkurate inligting rakende die administrasie van onderwys te voorsien.<sup>168</sup> Skelton<sup>169</sup> is juis van mening dat litigasie met betrekking tot kinders se reg op basiese onderwys, ook die fokus plaas op die aanspreeklikheid van die staat en as 'n vyfde vereiste tot die *ICESCR* se sogenaamde A-skema gesien kan word.

Baie Suid-Afrikaners ontvang nie kwaliteit onderrig nie en een van die redes hiervoor is die gebrek aan voldoende infrastruktuur. Navorsing bewys dat daar 'n duidelike korrelasie is tussen die verbetering in skoolinfrastruktuur en hoër leerderprestasies.<sup>170</sup> Onlangse studies wat gedoen is, wys dat skole wat meer gereedelik toegang tot fisiese hulpbronne soos biblioteke, elektrisiteit en lopende water het, se studente beter presteer.<sup>171</sup> Die Departement van Basiese Onderwys het talle inisiatiewe onderneem ten einde die agterstand rakende infrastruktuur in skole reg te stel. Van hierdie inisiatiewe sluit in die *National Policy for an Equitable Provision on an Enabling School Physical Teaching and Learning Environment*<sup>172</sup> en die *National Education Infrastructure Management System*.<sup>173</sup> Die Nasionale Beleid verskaf 'n omskrywende verduideliking van die effek van 'n swak leerderomgewing in teenstelling met die gevolge wat 'n gesonde fisiese leerderomgewing op leerders het. Die *NEIMS* verslae bevat statistiek rakende die toestand of gebrek aan infrastruktuur in skole soos elektrisiteit, water en sanitasie, biblioteke, labratoriums, rekenaarsentrums en sportfasiliteite. Die hoofdoel van *NEIMS* is om infrastruktuur te verbeter deur biblioteke, administrasieblokke en laboratoriums by bestaande skole aan te lê en ook om onveilige strukture van modder te vervang met veilige geboue.<sup>174</sup>

---

167 Bray "Law, Education and the Learner" 461.

168 Bray 2002 *THRHR* 521.

169 Skelton 2013 *De Jure*.

170 *Equal Education* 2010 [http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Submission\\_to\\_PC\\_on\\_Basic\\_Education.pdf](http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Submission_to_PC_on_Basic_Education.pdf).

171 Die data van SACMEQ II2 (Die tweede grootste onderwys beleidsverslag wat data van 14 sub-Saharan Afrikan lande gebruik).

172 *National Policy for an Equitable Provision on an Enabling School Physical Teaching and Learning Environment*: Kennisgewing 1438 van 2008. Hierna verwys as die Nasionale Beleid.

173 Hierna verwys as *NEIMS*.

174 Departement van Basiese Onderwys Datum Onbekend <http://www.education.gov.za/LinkClick.aspx?Fileticket=%2F%2BBILaBJ7ak%3D&tabid=358&mid=1263>.

Die Nasionale Beleid en *NEIMS* verslae is dokumente wat uiters noodsaaklik was om 'n proses te begin wat die gebrek aan infrastruktuur sal regstel.<sup>175</sup> Ten spyte van sperdatums wat in die dokumente gestel is, is dit steeds in konsepvorm en dus nie afdwingbaar nie.<sup>176</sup>

Ander inisiatiewe deur die Departement geneem sluit infrastruktuurbeplanning wat bereik wil word teen die jaar 2014.<sup>177</sup> Die Departement verwys hierin na die feit dat voldoende infrastruktuur nodig is om kwaliteit onderwys daar te stel.<sup>178</sup> Die norme en standaard vir basiese skoolfunksionaliteit is aanvaar vir implementasie tesame met die *ASIDI*.<sup>179</sup> *ASIDI* is 'n korttermyninisiatief wat op die been gebring is om die agterstand wat skole ervaar met betrekking tot infrastruktuur te verminder sodat dit aan die riglyne wat daar gestel is vir die beplanning van skole-infrastruktuur voldoen.<sup>180</sup> Daar is ook vir 'n aantal toelaes voorsiening gemaak waaronder die *School Infrastructure Backlog Grants* wat ten doel het om onvoldoende skole-infrastruktuur uit te wis en om voorsiening te maak vir water, sanitasiegeriewe en elektrisiteit by skole.<sup>181</sup> Hierdie toelaag is toegestaan om te verseker dat alle skole basiese funksionele vlakke in terme van die norme en standaard vir skoolinfrastruktuur, bereik.<sup>182</sup>

Alhoewel die Departement talle beleide en inisiatiewe in plek gestel het om infrastruktuur te verbeter, is dit egter opmerklik dat hul juis hul statutêre verpligting onder die *Skolewet* so lank versuim het. Die aanhef van die *Skolewet* verwys na die noodsaaklikheid van eenvormige norme en standaard vir alle skole in Suid-Afrika. Artikel 5A van die *Skolewet* gee effek aan die kind se grondwetlike reg op onderwys deur aan die Minister van Onderwys die bevoegdheid te gee om regulasies af te

---

175 *Equal Education* 2010 [http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Submission\\_to\\_PC\\_on\\_Basic\\_Education.pdf](http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Submission_to_PC_on_Basic_Education.pdf).

176 *Equal Education* 2010 [http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Submission\\_to\\_PC\\_on\\_Basic\\_Education.pdf](http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Submission_to_PC_on_Basic_Education.pdf).

177 Departement van Basiese Onderwys 2011 <http://www.education.gov.za/LinkClick.aspx?Fileticket=%2F%2BBILaBJ7ak%3D&tabid=358&mid=1263>.

178 Departement van Basiese Onderwys Datum 2011 <http://www.education.gov.za/LinkClick.aspx?Fileticket=%2F%2BBILaBJ7ak%3D&tabid=358&mid=1263>.

179 *Accelerated School Infrastructure Delivery Initiative*. Hierna slegs ASIDI.

180 Departement van Basiese Onderwys 2012 <http://www.education.gov.za/LinkClick.aspx?fileticket=YI%2BhMxe4mVU%3D&tabid=358&mid=1263>.

181 Departement van Basiese Onderwys 2011 <http://www.education.gov.za/LinkClick.aspx?Fileticket=%2F%2BBILaBJ7ak%3D&tabid=358&mid=1263>.

182 Departement van Basiese Onderwys 2011 <http://www.education.gov.za/LinkClick.aspx?Fileticket=%2F%2BBILaBJ7ak%3D&tabid=358&mid=1263>.

kondig om infrastruktuur in skole te verbeter.<sup>183</sup> Artikel 5A plaas dus 'n statutêre en grondwetlike plig op die staatsdepartement om hierdie bevoegdheid te vervul. Die Konstitusionele Hof het in *Head of Department, Mpumalanga Department of Education v Hoërskool Ermelo*<sup>184</sup> in sy uitspraak die plig van die staat duidelik gemaak.

The national government is represented by the Minister for Education whose primary role is to set uniform norms and standards for public schools.

Die *Grondwet* vereis in terme van Artikel 39(1) dat artikel 5A van die *Skolewet* op 'n wyse geïnterpreteer word wat die gees, strekking en doel van die bepalinge in die Handves van Regte bevorder. Subartikel 2 van artikel 5A bepaal dat norme en standaarde daargestel moet word vir onder andere klaskamers, elektrisiteit, water, sanitasie, biblioteke, die beskikbaarheid van skryfbehoeftes, leer materiaal en ook meubels. Dit blyk egter duidelik uit hierdie artikel dat die voorsiening hiervan nie beperk moet word tot die lys wat in artikel 5A gegee word nie. Die Minister van Onderwys het reeds in 2008 'n konsep van nasionale uniforme minimum norme en standaarde vir skool-infrastruktuur gepubliseer.<sup>185</sup> Hierdie 2008 norme en standaarde stipuleer slegs sekere komponente van infrastruktuur gelys in artikel 5A en is ook nooit gepubliseer nie.<sup>186</sup> Hierdie norme en standaarde moes reeds in 2009 aanvaar word en geïmplementeer gewees het teen 2010. In 2012 het die Departement van Basiese Onderwys ook 'n raamwerk<sup>187</sup> gepubliseer wat nie-bindende norme en standaarde vir skoolinfrastruktuur stel.<sup>188</sup> Dit is dus belangrik dat bindende minimum norme en standaarde deur die Minister in plek gestel word. In *Governing Body of the Rivonia Primary School and Another v MEC for Education: Gauteng Province and Others*<sup>189</sup> hanteer regter Mbha skoolkapasiteit waarvoor daar ook voorsiening gemaak word in artikel 5A van die *Skolewet*. Ook hier het die

---

183 Artikel 5A was uitgevaardig deur middel van die Onderwysreg Wysigings Wet 31 van 2007 wat in werking getree het op 31 Desember 2007.

184 2010 2 SA 415 (KH) par 56.

185 GK 1438 in SK31616 van 21 November 2008.

186 Section27 2013 <http://www.section27.org.za/wp-content/uploads/2013/03/SECTION27-submission-Draft-Regulations-Relating-to-Minimum-Uniform-Norms-and-Standards-for-Public-School-Infrastructure-Final.pdf>.

187 *Guidelines Related to Planning for Public School Infrastructure*.

188 Section27 2013 <http://www.section27.org.za/wp-content/uploads/2013/03/SECTION27-submission-Draft-Regulations-Relating-to-Minimum-Uniform-Norms-and-Standards-for-Public-School-Infrastructure-Final.pdf>.

189 2012 1 All SA 576 (SGJ) par 63.

Minister nie norme en standaarde in verband met skoolkapasiteit gepromulgeer nie. Alhoewel die Hof in hierdie geval nie met die vraag oor norme en standaarde gekonfronteer was nie, het regter Mbha tog die belang daarvan bespreek.

In my view it would provide significant guidance to school governing bodies and provincial governments on the issues raised in this matter if the National Minister of Basic Education were to act in terms of section 5A read together with section 58C, and promulgate norms and standards on capacity.

Die Departement se *Annual Performance Plan*<sup>190</sup> verwys na die feit, dat ten spyte daarvan dat fondse beskikbaar gestel is vir die verbetering van infrastruktuur, inisiatiewe in die verband nog nie juis momentum kon kry nie.

Sekere organisasies, naamlik *Equal Education* en ook *Section 27*,<sup>191</sup> het hulle ook die afgelope aantal maande juis beywer om die Minister van Basiese Onderwys so ver te kry om bindende norme en standaarde te promulgeer. Volgens *Section 27* is die daarstelling van norme en standaarde belangrik omdat dit inhoud gee aan die reg op onderwys soos bepaal in die *Grondwet*, dit 'n regstandaard stel waaraan die Departement gemeet kan word ingevolge hul grondwetlike verpligting en dit verseker dat daar 'n basiese stel standaarde beskikbaar is vir elke leerder van elke skool regoor die land.<sup>192</sup> Laastens versnel dit die uitwissing van die gaping wat veroorsaak is deur Apartheids beleide en verseker dit gelykheid in onderwys.<sup>193</sup>

In 2012 het *Equal Education* die Bisho Hoë Hof in die Oos-Kaap genader in 'n aansoek om die Minister van Onderwys te dwing om norme en standaarde daar te stel soos wat daarvoor voorsiening gemaak word in die *Skolewet*. In 'n skikkingsooreenkoms het Minister Angie Motshekga van die Departement van Basiese Onderwys toegestem om regulasies te promulgeer ten einde bindende

---

190 Departement van Basiese Onderwys 2013 <http://www.education.gov.za/LinkClick.aspx?filetic ket=CQ9wvkQ9GUK%3D&tabid=1018&mid=1167>.

191 *Equal Education* en ook *Section 27* is regssentrums wat in openbare belang optree, en hul spesifiek in die laaste paar maande toegespits het op die gebrek aan infrastruktuur in skole reg oor die land.

192 *Section27* 2013 <http://www.section27.org.za/wp-content/uploads/2013/03/SECTION27-submission-Draft-Regulations-Relating-to-Minimum-Uniform-Norms-and-Standards-for-Public-School-Infrastructure-Final.pdf>.

193 *Section27* 2013 <http://www.section27.org.za/wp-content/uploads/2013/03/SECTION27-submission-Draft-Regulations-Relating-to-Minimum-Uniform-Norms-and-Standards-for-Public-School-Infrastructure-Final.pdf>.

norme en standarde daar te stel.<sup>194</sup> Hierdie regulasies sal vereis dat elke skool in Suid-Afrika aan minimum aanvaarbare standarde ten opsigte van skoolinfrastruktuur voldoen wat fundamenteel is vir leerders en onderwysers. In hul hoofde van argumente in die Oos-Kaapse Hoogeregshof argumenteer *Equal Education* dat wanneer artikel 5A van die *Skolewet* korrek geïnterpreteer word, die bepaling die Minister verplig om norme en standarde daar te stel en in haar versuim om dit te doen sy nie haar statutêre verpligting nakom nie.<sup>195</sup> Ingevolge die skikkingsooreenkoms moes die norme en standarde gefinaliseer gewees het teen 15 Mei 2013. Die Minister het egter in Junie 2013 reeds uitstel gevra vir 6 maande om die konsep op die been te bring. Die hof het by wyse van 'n hofbevel die Minister gedwing om reeds teen die 12de September 'n konsep vir publieke kommentaar gereed te hê.<sup>196</sup>

Die korrelasie tussen verbeterde fisiese infrastruktuur en hoër leerderprestasie moet oorweeg word in die lig van die ongelykhede betreffende die toegang tot hulpbronne in Suid-Afrikaanse skole.<sup>197</sup> Die huidige sisteem hanteer nie die probleme op 'n effektiewe manier nie en daar kan selfs so ver gegaan word om te sê dat dit bydra tot verdere ongelykhede.<sup>198</sup> Dit was dus belangrik dat die Minister van Onderwys haar bevoegdheid in die verband gebruik ten einde die huidige sisteem te verbeter en die probleme die hoof te bied.

Dit is skrywer se mening dat die reg op onderwys nie in isolasie bespreek kan word nie en saam met die ander regte in die Handves van Regte vervat, gelees moet word. In die ondergaande hoofstukke sal die skrywer hiervan ook die verpligting van staat tot verskaffing van leerdermateriaal, biblioteke en water en sanitasie bespreek as komponente wat bydrae tot die verskaffing van voldoende onderwys.

---

194 In terme van hierdie skikkingsooreenkoms sal die norme en standarde gepubliseer word vir openbare kommentaar teen die 15 Januarie 2013 en finalisering sal geskied teen die 15de Mei 2013.

195 *Equal Education* 2012 <http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Equal%20Education%20Heads%20of%20Argument.pdf>.

196 Die konsep regulasies ten opsigte van hierdie nasionale norme en standarde het op 12 September 2013 in die Staatskoerant verskyn. GK932 in SK36837 van 2013.

197 *Equal Education* 2010 [http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Submission\\_to\\_PC\\_on\\_Basic\\_Education.pdf](http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Submission_to_PC_on_Basic_Education.pdf).

198 *Equal Education* 2010 [http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Submission\\_to\\_PC\\_on\\_Basic\\_Education.pdf](http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Submission_to_PC_on_Basic_Education.pdf).



## 5.2 Verpligting tot die verskaffing van biblioteke

Van al die infrastruktuurhulpbronne waarna verwys word in artikel 5A van die *Skolewet*, is die afwesigheid van biblioteke in skole seker die opvallendste.<sup>199</sup> Die ongeletterdheid van baie burgers in Suid-Afrika kan in 'n mate gerektifiseer word deur biblioteke met voldoende voorraad en 'n gekwalifiseerde bibliotekaris.<sup>200</sup> In 2006 het die destydse Minister van Onderwys, Naledi Pandor, die verband tussen skoolbiblioteke en die resultate van leerders beklemtoon:<sup>201</sup>

Anecdotal evidence suggests that the high schools with the worst results are surrounded by primary schools that do not have the resources to teach effectively. It is important to stress that resources does not refer to money; it may refer to teacher competence, to an inadequate or absence of a library.

Die *Annual National Assessment-verslag*<sup>202</sup> van 2011 dui aan dat leerders tekort skiet aan basiese geletterdheidsvaardighede, soos onder andere spelling.<sup>203</sup> Die rede daarvoor is dat leerders nie met leesmateriaal in aanraking kom nie en dus nie gereeld lees nie.<sup>204</sup> As gevolg van armoede, het baie kinders nie toegang tot leesmateriaal of internet by hul wonings nie, en dus is dit belangrik dat skole hul van boeke soos ensiklopedieë voorsien om hul lees- en skryfvaardighede te ontwikkel en ook om hul by te staan wanneer navorsing vir skoolprojekte gedoen moet word. UNESCO 2006 maak dit duidelik dat geletterdheid 'n sleuteluitkoms van onderwys is en dat die reg op geletterdheid nie van die reg op onderwys geskei kan word nie.<sup>205</sup> Slegs individue wat oor hoë akademiese vaardighede beskik, sal 'n kans hê om in die arbeidsmark mee te ding.<sup>206</sup>

Volgens beskikbare statistiek beskik slegs 8% van skole regoor die land oor funksionele biblioteke, 10% van publieke skole het rekenaarsentrums met voldoende

---

199 *Equal Education* 2010 [http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Submission\\_to\\_PC\\_on\\_Basic\\_Education.pdf](http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Submission_to_PC_on_Basic_Education.pdf).

200 *Equal Education* 2010 [http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Submission\\_to\\_PC\\_on\\_Basic\\_Education.pdf](http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Submission_to_PC_on_Basic_Education.pdf).

201 Pandor, Minister of Education, "A Challenge to Excellence in Honouring the Youth of 1976" 19 May 2006.

202 Departement van Basiese Onderwys 2013 <http://www.education.gov.za/LinkClick.aspx?fileticket=mgVBMn38Owu%3D&tabid=422&mid=1325>.

203 Van der Merwe 2012 *SAPL* 374.

204 Van der Merwe 2012 *SAPL* 374.

205 UNESCO <http://www.unesco.org/education/wef/en-conf/Jomtien%20Declaration%20eng.shtm>

206 Berger 2003 *Columbia LR* 659.

rekenaarvoorraad en slegs 5% het laboratoriums.<sup>207</sup> Die 2011 *NEIMS* verslag bepaal dat 78% van Suid-Afrikaanse skole nie eers oor ruimte beskik vir 'n skoolbiblioteek nie. Die meeste skole wat in staat is om biblioteke self op die been te bring en te onderhou, is skole wat duurder skoolgelde hef.<sup>208</sup> Hierdie skole, waarna voorheen verwys is as Model C-skole, beskik oor meer hulpbronne as die meerderheid skole met oorwegend swart leerders, wat onderrig word in onveilige geboue en beperkte toegang tot hulpbronne het.<sup>209</sup>

Maar ongeag die statistiek en kommerwekkende syfers ten opsigte van ongeletterheid, het die Departement van Onderwys se *School Libraries Unit* reeds in 2002 ontbind.<sup>210</sup> Die gebrek aan biblioteke by skole kan aan verskeie redes toegeskryf word. In 2000 het die regering die hersiening van die *Kurrikulum 2005* geloods, juis as gevolg van hewige kritiek wat daarop ontvang is.<sup>211</sup> In 'n poging om die effek van Bantoe-onderwys onder die destydse Apartheidsregering om te swaai, het die Departement van Onderwys *Uitkoms Gebaseerde Onderrig*, wat die *Kurrikulum 2005* ondersteun, in 2002 bekendgestel.<sup>212</sup> Die hersieningskomitee het bevind dat die probleem bestaan by die implementering van *Uitkoms Gebaseerde Onderwys* as gevolg van 'n tekort aan leerondersteunende materiaal.<sup>213</sup> Die klem het geval op navorsing wat die verkryging, organisering en analisering van bronne vergen en wat in werklikheid toegang tot meer bronne beteken. Die bekendstelling van *Uitkoms Gebaseerde Onderrig* het dus nie basiese geletterdheid ondersteun nie. Die nuwe kurrikulum, *Revised National Curriculum Statement*, wat *Kurrikulum 2005* in 2002 vervang het, vereis egter ook die bestaan van skoolbiblioteke en ingeligte literatuuronderrig.<sup>214</sup> Omrede die *School Libraries Unit* al reeds in 2002 ontbind het, was daar was geen inisiatiewe van die Departement se kant af om die bestaan van biblioteke te ondersteun nie. Daar is nie gefokus op die rol van die biblioteek in die nuwe uitkomsgebaseerde kurrikulum nie: die internet is as die alternatief vir

---

207 *Equal Education* 2010 [http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Submission\\_to\\_PC\\_on\\_Basic\\_Education.pdf](http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Submission_to_PC_on_Basic_Education.pdf).

208 *Equal Education* 2010 [http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Submission\\_to\\_PC\\_on\\_Basic\\_Education.pdf](http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Submission_to_PC_on_Basic_Education.pdf).

209 McConnachie en McConnachie 2012 *SAJL* 572.

210 *Equal Education* 2010 <http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Equal%20Education%20Costing%20Booklet.pdf>.

211 Hart G en Zim S "The Connundrum of School Libraries in Souht Africa" 100.

212 *Equal Education* 2010 [http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Submission\\_to\\_PC\\_on\\_Basic\\_Education.pdf](http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Submission_to_PC_on_Basic_Education.pdf).

213 Hart G en Zim S "The Connundrum of School Libraries in Souht Africa" 100.

214 Hart G en Zim S "The Connundrum of School Libraries in Souht Africa" 101.

biblioteke gesien is.<sup>215</sup> Dit het weer tot gevolg gehad het dat biblioteke nie opgedateer is met die nuutste bronne nie.<sup>216</sup> Verdere redes is dat die poste van bibliotekarisse opgeskort is en daar eenvoudig net nie prioriteit gegee is aan die instandhouding en oprigting van biblioteke nie.<sup>217</sup> Paton-Ash som die gebreke van die staat, wanneer dit by skoolbiblioteke kom, tereg soos volg op: die gebrek aan 'n nasionale beleid, die sluiting van die *Libraries Unit*, die onduidelike mandaat van die nasionale en provinsiale regerings en die gebrek aan wil deur beleidsmakers.<sup>218</sup>

Ten spyte van die behoefte aan skoolbiblioteke is daar sedert 1997 vyf beleidsdokumente gekonseptualiseer, waarvan nie een deur die Departement aanvaar is nie.<sup>219</sup> In 2009 is 'n sesde beleidsraamwerk opgestel. In Maart 2012 het die Departement riglyne<sup>220</sup> gepromulgeer om skoolbiblioteke te reguleer. Die Minister dui reeds in die voorwoord die doel van skoolbiblioteke aan:

the service must instil a culture of reading and writing, promote respect for intellectual property and support the acquisition of information literacy skills to access, process and use information resources in various formats, including digital formats, where accessible and appropriate

In terme van Artikel 5A(2)(a)(vi) van die *Skolewet* moet daar 'n biblioteek aanwesig wees by elke skool. Die Nasionale Norme en Standaarde van 2008 sowel as *National Policy for an Equitable Provision of an Enabling School Physical Teaching and Learning Environment*, wat in November 2008 gepubliseer is, maak voorsiening vir die bestaan van biblioteke. Hierdie dokumente is egter steeds in konsepvorm nie afdwingbaar nie.<sup>221</sup>

In 2009 het *Equal Education* 'n veldtog, *Campaign for School Libraries*, begin om die belang van skoolbiblioteke onder die aandag van die staat te bring. *Equal Education*

- 
- 215 Sanderson Paton-Ash *Issues and challenges facing school libraries: A case study of selected primary schools in Gauteng Province, South Africa* 11.
- 216 Sanderson Paton-Ash *Issues and challenges facing school libraries: A case study of selected primary schools in Gauteng Province, South Africa* 11.
- 217 *Equal Education* 2010 <http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Equal%20Education%20Costing%20Booklet.pdf>.
- 218 Sanderson Paton-Ash *Issues and challenges facing school libraries: A case study of selected primary schools in Gauteng Province, South Africa* 22.
- 219 Hart G en Zim S "The Connundrum of School Libraries in Souht Africa" 98.
- 220 *Equal Education* 2012 <http://www.education.gov.za/LinkClick.aspx?Fileticket=D1G%2Bh5KkVkw%3D&tabid=93&mid=1952>.
- 221 *Equal Education* 2010 [http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Submission\\_to\\_PC\\_on\\_Basic\\_Education.pdf](http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Submission_to_PC_on_Basic_Education.pdf).

voer aan dat die wetgewende beleidsraamwerk, saam met Artikel 5A van die *Skolewet*, reeds bestaan: dit bied daarom aan die Departement die geleentheid om norme en standaarde vir skoolbiblioteke daar te stel.<sup>222</sup> *Equal Education* het so ver gegaan om 'n dokument<sup>223</sup> saam te stel waarin die koste verbonde aan skoolbiblioteke uiteengesit word. Hierin bevind hulle dat indien skoolbiblioteke oor 'n tydperk van 10 jaar geïmplementeer word, dit minder as 1% van die onderwysbegroting vir dieselfde tydperk sal beloop.<sup>224</sup>

Vir die staat om aan hul verpligting om basiese onderwys te voorsien, te voldoen, moet die staat skole van biblioteke met voldoende boekvoorraad voorsien. Ingevolge die *World Declaration on Education for all* behels basiese onderwys die reg om basiese lees en skryfvaardighede aan te leer. Die *ANA* resultate wys daarop dat daar tans 'n behoefte aan biblioteke is wat aan leerders die ondersteuning kan verskaf om beter lees- en skryfvaardighede te ontwikkel. Die huidige Departement moet verantwoordelikheid dra vir die gebrek aan biblioteke en hul onvermoë om die ongelykheid reg te stel.<sup>225</sup> Skoolbiblioteke is nie 'n luuksheid nie, maar liever 'n noodsaaklikheid wat ongeletterdheid in Suid-Afrika kan verminder en kinders 'n beter kans op 'n suksesvolle toekoms gun.

### **5.3 Verpligting tot die verskaffing van handboeke**

Die skoolkurrikulum skryf sekere leermateriaal voor wat aan skole beskikbaar gestel en versprei moet word ten einde leerders leiding te gee in hul studies en om voor te berei op hul eksamens. Kwaliteit onderwys is afhanklik van leerdermateriaal, wat in die vorm van handboeke voorkom, omdat dit leerders in staat te stel om aan die uitkomst wat die kurrikulum stel, te voldoen. Nasionale wetgewing, internasionale reg en ook onlangse uitspraak<sup>226</sup> dui daarop dat die reg op basiese onderwys die reg op leermateriaal en handboeke insluit. Die *Skolewet* verwys spesifiek in artikel 5A na leer- en onderrigmateriaal en bepaal dat die Minister ook norme en standaarde in

---

222 *Equal Education* 2010 [http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Submission\\_to\\_PC\\_on\\_Basic\\_Education.pdf](http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Submission_to_PC_on_Basic_Education.pdf).

223 *Equal Education* 2010 <http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Equal%20Education%20Costing%20Booklet.pdf>.

224 *Equal Education* 2010 [http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Submission\\_to\\_PC\\_on\\_Basic\\_Education.pdf](http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Submission_to_PC_on_Basic_Education.pdf).

225 Sanderson Paton-Ash *Issues and challenges facing school libraries: A case study of selected primary schools in Gauteng Province, South Africa* 14.

226 *Section 27 and 2 Others v Minister of Education and Another* 2013 2 SA 40 (GNP).

plek moet stel om daarvoor voorsiening te maak. Internasionale reg beklemtoon die belangrikheid van leerdermateriaal ten einde kwaliteit onderwys daar te stel. Die kriteria van die Komitee van die *ICESCR* sluit in 'beskikbaarheid', wat beteken dat sekere bronne aan skole beskikbaar gestel moet word om suksesvol te funksioneer. Een van hierdie bronne sluit in leermateriaal.

Gedurende 2011, 2012 en 2013 was daar talle skole in die land wat nie die nodige handboeke ontvang het. Die gevolg was dat die nieregeringsorganisasie, *Section 27*, by die hof aansoek gedoen het om 'n dringende bevel ten einde die Departement van Basiese Onderwys te dwing om handboeke so gou as moontlik af te lewer aan die skole wat dit nie alreeds ontvang het nie. In *Section 27 and 2 Others v Minister of Education and Another*<sup>227</sup> word die verpligting van die staat wanneer dit by infrastruktuur-gebaseerde dienste, met spesifieke verwysing na handboeke, en die kind se reg op onderwys, aangespreek. Regter Kollapen moes in sy uitspraak bepaal of die versuim van die staat om handboeke aan skole in Limpopo te voorsien neerkom op inbreukmaking van die reg op basiese onderwys, gelykheid en menswaardig asook nie-nakoming van die Suid-Afrikaanse *Skolewet* sowel as artikel 195 van die *Grondwet*.<sup>228</sup>

Die hof hanteer in sy uitspraak die vraag rakende leermateriaal as 'n komponent van basiese onderwys waarvoor die *Grondwet* voorsiening maak. Ingevolge Seleoane<sup>229</sup> moet die staat verseker dat daar aan al die komponente van basiese onderwys voldoen word. In die spesifieke geval voor die hof word die reg op voorsiening van handboeke ingesluit as 'n komponent van basiese onderwys. President Zuma het in 2011, in die *State of the Nation Address*, gesê dat elke kind betyds van 'n handboek voorsien moet word.<sup>230</sup> Die Departement van Onderwys in Limpopo het ook die toegang van elke leerder tot die minimum stel van handboeke en werksboeke wat die Nasionale Beleid vereis, as een van hul oogmerke geartikuleer in hul Jaarlikse Prestasieplan vir die jaar 2011 en 2012.<sup>231</sup> Regter Kollapen kom, met verwysing na bogenoemde, tot die gevolgtrekking dat leermateriaal wel 'n komponent van basiese

---

227 *Section 27 v Minister of Education* 2013 2 SA 40 (GNP).

228 Par 12.

229 Par 21.

230 Par 23.

231 Par 23.

onderwys is en dus nodig is vir kwaliteit onderwys.<sup>232</sup> Beperking van basiese onderwys en beskikbaarheid daarvan, sluit dus ook die versuim om leerdermateriaal en skryfbehoeftes te voorsien, in.<sup>233</sup>

Regter Kollapen verwys verder na die uitspraak van die Konstitusionele Hof in *Juma Masjid Primary*<sup>234</sup> dat die plig op die staat rus om die reg op basiese onderwys onmiddellik te realiseer.<sup>235</sup> Die *Grondwet* bepaal in artikel 195 dat daar sekere waardes en beginsels is wat openbare administrasie onderskraag. Subartikels (d) en (e) bepaal dat dienste gelewer deur die staat regverdig moet geskied en dat daar aan mense se behoeftes voldoen moet word. Die hof gee uiteindelik 'n verklarende bevel dat die versuim van die Departement van Basiese Onderwys om betyds handboeke aan leerders te verskaf, inbreukmaking van die reg op basiese onderwys is.<sup>236</sup> Verder het die hof ook die Departement beveel om handboeke af te lewer sowel as om 'n opvangsplan uiteen te sit met sekere remedies waarby leerders sal baat soos byvoorbeeld die aanbied van ekstra klasse.<sup>237</sup> Soos wat die hof in *Grootboom* en *TAC* die staat beveel het om meer te doen ten einde behuising of MIV behandeling te voorsien en terselfde tyd die wetgewer tyd en buigsaamheid gegee het om 'n plan saam te stel, het die hof ook die Departement van Onderwys beveel om die reg op basiese onderwys te realiseer en te bevorder volgens 'n konsepplan deur die Departement self.<sup>238</sup> Alhoewel die staat versuim het om hierdie plig na te kom, is die uitspraak tog 'n stap in die regte rigting en neem dit duidelik standpunt in teen inbreukmaking van grondwetlike regte.<sup>239</sup> Bo en behalwe die feit dat omtrent 1.7 miljoen leerders en 5000 skole uit hierdie uitspraak sal voordeel trek, stel dit ook 'n presedent daar vir enige ander saak waar die Departement van Onderwys hul plig versuim in verband met die reg op basiese onderwys.<sup>240</sup>

Die staat kan ook die opsie van elektroniese handboeke oorweeg, juis omdat die afleweringssisteem hul in die steek laat en baie skole verouderde handboeke

---

232 Par 25.

233 Skelton 2013 *De Jure* 8.

234 2011 8 BCLR page 761 (KH) par 37.

235 Par 21.

236 Par 32.

237 Par 39.

238 Van der Merwe 2012 *SAJL* 377.

239 Van der Merwe 2012 *SAJL* 377.

240 Van der Merwe 2012 *SAJL* 377.

gebruik.<sup>241</sup> Dit sal egter riskant wees omdat daar heelwat struikelblokke is wat oorkom moet word wat insluit: die kostes daaraan verbonde en tydperk wat dit gaan neem om 'n suksesvolle sisteem in plek te kry.<sup>242</sup> Baie skole beskik ook nie oor rekenaars nie wat weer eens die probleem van aflewering daarstel. So 'n sisteem moet goed deurdink en geïmplementeer word om uiteindelik te werk. Daar is tans te veel tekortkominge by skole waaraan die staat hul aandag moet gee, dat hul aangeraai word om liewer aan die huidige sisteem ten opsigte van handboeke te skaaf as om 'n splinternuwe sisteem op die been te bring. Alhoewel elektroniese handboeke in gevorderde omstandighede 'n oplossings sou kon verskaf, sal dit in arm omstandighede nie 'n opsie wees nie.

Die uitspraak in *Section 27 and 2 Others v Minister of Education and Another* maak dit duidelik dat die reg op basiese onderwys die reg op leermateriaal, oftewel handboeke insluit. Die versuim van die staat om handboeke aan skole te lewer is nie-nakoming van die *ICESCR* se kriteria van beskikbaarheid en nie in die beste belang van die kind nie. Die beste-belang-maatstaf ondersteun die reg om van handboeke voorsien te word omdat leerders wat nie oor handboeke beskik nie, swakker daaraan toe is as hul eweknieë wat wel handboeke tot hulle beskikking het. Hulle sal nie in staat wees om voldoende voor te berei vir eksamens nie en sal selfs sukkel om huiswerk te voltooi. Dus is daar 'n verpligting op die staat om handboeke te verskaf ten einde die reg op basiese onderwys te realiseer.

#### **5.4 Verpligting tot die verskaffing van water en sanitasiegeriewe**

Die reg op toegang tot water word in die *Grondwet* sowel as ander nasionale wetgewing erken. Die *Grondwet* maak voorsiening vir gesondheidsorg en daarby inbegrepe is die reg op toegang tot water. Artikel 27 bepaal dat elkeen die reg op toegang tot gesondheidsorgdienste het, met inbegrip van reprodktiewe gesondheidsorg, asook voldoende voedsel en water. Dit reg op toegang tot water, was egter, anders as die reg op basiese onderwys, gekwalifiseer deurdat dit onderhewig is aan beskikbare hulpbronne en die staat redelike en wetgewende maatreëls moet neem om die reg op water te realiseer. Ook artikel 28, wat spesifiek handel oor die regte van kinders, maak voorsiening vir gesondheidsorg waarby die

---

241 Dlodlo en Foko "Challenges facing eTextbook provision to South African schools" 3.

242 Dlodlo en Foko "Challenges facing eTextbook provision to South African schools" 3.

reg op skoon water inbegrepe is. Die verpligting op die staat om water en sanitasiegeriewe by skole te verskaf, spruit voort uit die kind se reg op gesondheidsorg<sup>243</sup>, oorlewing<sup>244</sup> en die reg op onderwys.<sup>245</sup> Die verskaffing van water aan skole is belangrik om die volgende redes: Eerstens moet kinders voorsien word van skoon drinkwater en water sodat kos voorberei kan word en tweedens het dit die doel om sanitasiegeriewe daar te stel. Kinders spandeer ongeveer sewe ure per dag by die skool. Skoon drinkwater is nodig om ontwatering te voorkom, kos voor te berei en ook algemene gesondheid en higiëne te voorsien. Die verpligting van die staat om sanitasiegeriewe te voorsien, hang dus nou saam met die verpligting om water te voorsien. Voldoende sanitasiegeriewe by skole is nie moontlik sonder die voorsiening van water nie.

Ingevolge 'n studie wat in 2006 deur die *Children's Institute* van die Universiteit van Kaapstad gedoen is, het 61% van die skole aanvaarbare sanitasiegeriewe op die perseel gehad en 40% het oor trektoilette beskik.<sup>246</sup> Vier uit elke tien skole se sanitasiegeriewe was onvoldoende.<sup>247</sup> Die NEIMS- verslag van 2011 bepaal dat 10% van openbare skole nie watertoegang het nie, 11% het onbetroubare watervoorsiening, 4% het geen ablusiefasiliteite nie en 46% gebruik steeds puttoilette.<sup>248</sup> Bogenoemde syfers is skokkend in 'n land wat op menswaardigheid as een van hul hoekstene steun. Dit is duidelik dat die beskikbaarheid van sanitasiegeriewe by skole nog ver van voldoende is. Die minimum standaard ten opsigte van toiletgeriewe wat deur die Departement van Waterwese en Bosbou<sup>249</sup> voorgeskryf word, is 25 leerders per toilet.<sup>250</sup> Tans is daar 'n ratio van 50:1.<sup>251</sup> Dit is dus dubbeld die voorgeskrywe ratio. Die Departement van Basiese Onderwys

---

243 A27 van die *Grondwet*.

244 A11 van die *Grondwet*.

245 A29 van die *Grondwet*.

246 Lake L <http://www.childrencount.ci.org.za/indicator.php?id=6&indicator=47>.

247 Lake L <http://www.childrencount.ci.org.za/indicator.php?id=6&indicator=47>.

248 *Equal Education* 2012 <http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Equal%20Education%20Heads%20of%20Argument.pdf>.

249 Hierna slegs die DWEB.

250 Die *Water Supply and Sanitation Policy White Paper* omskryf basiese watervoorsiening as 25 liter per persoon per dag: sien Departement van Waterwese en Bosbou 1994 [www.gov.za](http://www.gov.za). Sien ook Skelton 2010 *SAJHR* 141.

251 Lake L <http://www.childrencount.ci.org.za/indicator.php?id=6&indicator=47>.



gebruik tans die minimum standaard van 50 kinders per toilet.<sup>252</sup> Hierdie standaard is egter baie laer as die minimum vereiste deur die DWEB van 25 leerders per toilet. Behalwe vir die *Grondwet*, het Suid-Afrika ook verskeie ander statutêre maatreëls ingestel om gestalte te gee aan die reg op gesondheid waaronder die *Wet op Waterdienste*,<sup>253</sup> die *Nasionale Gesondheidswet*,<sup>254</sup> die *Geestesgesondheidsorgwet*<sup>255</sup> en die *Kinderwet*.<sup>256</sup> Die *Wet op Waterdienste* omskryf basiese watervoorsiening as

die voorgeskrewe minimum standaard van watervoorsieningsdienste wat nodig is vir die betroubare voorsiening van 'n toereikende hoeveelheid en gehalte water aan huishoudings, met inbegrip van informele huishoudings, om lewe en persoonlike higiëne te steun

Artikel 3 van die *Wet op Waterdienste* bepaal ook dat elkeen die reg op toegang tot basiese sanitasiedienste het en lê 'n verpligting op elke waterdienste-owerheid om redelike maatreëls te tref om die reg te verwesenlik. Die minimum standaard vir basiese sanitasiedienste word ook deur die regulasie omskryf as onder andere 'n toilet wat veilig en omgewingsvriendelik is en siekte-draende peste verhoed.<sup>257</sup> Toegang tot sanitasie geriewe is belangrik omdat kinders se reg to gesondheid en oorlewing daarvan afhang.<sup>258</sup> Onhigiëniese toilette kan leerders blootstel aan infeksies, wurms en ander diarreesiektes.<sup>259</sup> Dit sal vervolgens lei tot meer afwesighede tydens skool en swakker prestasies.<sup>260</sup> Die uitwerking wat diarree op kinders het is erger as die van HIV, tuberkulose en malaria gesamentlik en verantwoordelik vir die meerderheid van kindersterftes in die ontwikkelende wêreld.<sup>261</sup> Verder kan diarree ook bydra tot die verspreiding van die MIV-virus.<sup>262</sup> Die *Nasionale Gesondheidswet* waarborg uitdruklik die kind se reg gesondheidsorgdienste, basiese voeding en die reg op 'n omgewing wat nie nadelig

252 Lake L <http://www.childrencount.ci.org.za/indicator.php?id=6&indicator=47>.

253 108 van 1997.

254 61 van 2003.

255 17 van 2002.

256 38 van 2005.

257 Regulasie 2 (GK R509 in SK 22355 van 8 Junie 2001).

258 Lake L <http://www.childrencount.ci.org.za/indicator.php?id=6&indicator=47>.

259 Section27 2013 <http://www.section27.org.za/wp-content/uploads/2013/03/SECTION27-submission-Draft-Regulations-Relating-to-Minimum-Uniform-Norms-and-Standards-for-Public-School-Infrastructure-Final.pdf>.

260 Section27 2013 <http://www.section27.org.za/wp-content/uploads/2013/03/SECTION27-submission-Draft-Regulations-Relating-to-Minimum-Uniform-Norms-and-Standards-for-Public-School-Infrastructure-Final.pdf>.

261 Pink 2012 *Health and Human Rights* 6.

262 Pink 2012 *Health and Human Rights* 6.

vir hul gesondheid en welstand is nie.<sup>263</sup> Artikel 1 van die *Nasionale Gesondheidswet* definieer gesondheidsdienste as die wat munisipale gesondheidsdienste soos die monitering van waterkwaliteit, afvalbestuur en omgewingsbesoedelingsbeheer insluit. Die verpligting is op die staat en plaaslike owerhede om higiëniese toestande skep wat die gesondheid van persone bevorder.<sup>264</sup>

Suid-Afrika het ook 'n verpligting in terme van internasionale instrumente. Artikel 24 van die CRC verwys spesifiek na die reg van die kind tot water. Artikel 24(1) bepaal dat elke kind 'n reg op die genieting van die hoogste haalbare standaard van gesondheid het, asook die reg op toegang tot daardie gesondheidsorgdienste wat nodig is vir die behandeling van siekte en die rehabilitasie tot gesondheid.<sup>265</sup> Artikel 24(2) verplig lidlande om gepaste stappe te doen, nie net om gesondheidsorg en mediese bystand aan kinders te verseker nie, maar ook om kos en skoon water te verseker om siektes en wanvoeding te voorkom.<sup>266</sup> Artikel 24 verwys dus nie alleen na toegang tot dienste in geval van siekte nie, maar ook na die voorvereistes van skoon drinkwater en 'n gesonder omgewing.<sup>267</sup> Die *ICESCR* maak ook voorsiening in artikel 11 vir die reg op die hoogste behaalbare standaard vir oorlewing en artikel 12 vir die reg op die hoogste behaalbare standaard van gesondheid. In hul Algemene Kommentaar<sup>268</sup> interpreteer die Komitee bogenoemde soos volg:

as giving rise to duties to provide safe and adequate water supplies to schools: sufficient, safe and acceptable water must be accessible within, or in the immediate vicinity, of each ...educational institution' and '[p]rovision of adequate water to educational institutions currently without adequate drinking water should be addressed as a matter of urgency.

Die Komitee gaan verder en sê dat die reg op water van kardinale belang is om 'n menswaardige lewe te lei en 'n voorvereiste vir die realisering van ander menseregte.<sup>269</sup>

---

263 A 2.

264 Büchner-Eveleigh en Nienaber 2012 *PER* 133.

265 Büchner-Eveleigh en Nienaber 2012 *PER* 107.

266 Büchner-Eveleigh en Nienaber 2012 *PER* 108.

267 Büchner-Eveleigh en Nienaber 2012 *PER* 108.

268 *ICESCR General Comment* 15 par 12(c)(i) en 16(b).

269 *ICESCR General Comment* 15 par 6.

In *Beja and Others v Premier of the Western Cape and Others*, het die Hoë Hof bevind dat toilette wat die staat aan inwoners van Silvertown, Khayelitsha, voorsien het nie aan die minimum vereistes voldoen om waardigheid te bevorder, voldoen het nie omdat die toilette oop, oor die algemeen vuil was, nie gediens is nie en 'n redelike afstand van inwoners was.<sup>270</sup> Die staat maak dus nie net inbreuk op die reg op basiese onderwys nie, maar ook op leerders se menswaardigheid indien hul verseg om funksionele toilette en sanitasiegeriewe vir kinders en opvoeders daar te stel.<sup>271</sup> Kwaliteit onderwys beteken ook dat kinders in die onderrigomgewing beskerm word teen gesondheidsgevaare, beserings en geweld.<sup>272</sup> Wat in die onderrig omgewing gebeur, moet die kind se gesondheid bevorder. Daarom moet die onderrigomgewing higiënies wees en oor die nodige sanitasiegeriewe beskik en skoon water hê om die kind teen gesondheidsgevaare te beskerm.<sup>273</sup> Artikel 5A(2)(a)(iii) en (iv) van die *Skolewet* maak voorsiening vir norme en standaarde vir water en sanitasie. Die *World Health Organization*, wat ook 'n kantoor in Suid-Afrika het en in samewerking met die Suid-Afrikaanse regering die hoogste volhoubare vlak van gesondheid aan alle persone wat in Suid-Afrika woon wil voorsien, sowel as die *Wet op Waterdienste* stel ook sekere vereistes daar wat behulpsaam kan wees in die opstel van nasionale norme en standaarde met betrekking tot water en sanitasie.<sup>274</sup> Verbeterde sanitasiegeriewe en skoon drinkwater kan diarretiese siekte met 90% verminder en ook die aantal kinders wat elke jaar sterf met 2.2 miljoen verminder.<sup>275</sup> Die *National School Nutrition Program*<sup>276</sup> wat die staat op die been gebring het en kinders by skole voorsien van 'n maaltyd by die skool, kan ondermyn word indien skole nie oor water beskik nie. Een van die doelwitte met die *NSNP* is om kinders te voed sodat hul vermoë om te konsentreer en dus te leer, kan verbeter.<sup>277</sup>

---

270 *Beja and others v Premier of the Western Cape and others* [2011] 3 All SA 401 (WKK) par 30.

271 *Equal Education* 2012 <http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Equal%20Education%20Heads%20of%20Argument.pdf>.

272 Heijnen-Maathuis *The Convention on the Rights of the Child and Quality Education* 8.

273 Heijnen-Maathuis *The Convention on the Rights of the Child and Quality Education* 8.

274 Section27 2013 <http://www.section27.org.za/wp-content/uploads/2013/03/SECTION27-submission-Draft-Regulations-Relating-to-Minimum-Uniform-Norms-and-Standards-for-Public-School-Infrastructure-Final.pdf>.

275 World Health Organization *UN-Water global annual assessment of sanitation and drinking water*.

276 Hierna die *NSNP*.

277 Departement van Basiese Onderwys 2009 <http://www.education.gov.za/LinkClick.aspx?fileticket=WEuFok4zUSM%3d&tabid=358&mid=1263>.

Die verband tussen die leerderomgewing en leerderprestasie word in die *National Policy for an Equitable Provision of an Enabling School Physical Teaching Environment* bespreek.<sup>278</sup>

Poor learning environments have been found to contribute to learner[s']irregular attendance and dropping out of school, teacher absenteeism and the teacher and learners' inability to engage in the teaching and learning process

Die beleid identifiseer 'n aantal maniere hoe die fisiese omgewing onderrig en die leerder raak, waar onder andere die effek van sanitasiegeriewe op dogterleerders se skoolbywoning.<sup>279</sup>

Die verpligting van die staat om water en sanitasiegeriewe aan skole te verskaf, word deur die volgende argumente gesteun: Eerstens spandeer baie kinders die grootste deel van hul dag by die skool en dit is dus noodsaaklik dat water en sanitasiegeriewe, waarvoor die *Grondwet* voorsiening maak, ook daar aan hul voorsien word. Tweedens het kinders het die reg om met menswaardigheid behandel te word en sonder water en sanitasiegeriewe sal hierdie reg aan die kortste end trek. Water en sanitasiegeriewe by skole is in die beste belang van kinders. Dit is in kinders se belang en bied talle voordele: dit beveg siektes en keer dat kinders dehidreer en sodoende kan hulle beter konsentreer. Al is water en sanitasie nog nie in ons howe erken as 'n komponent van basiese onderwys nie, is dit op die minste 'n ondersteunende hulpbron om die reg te realiseer.

## **6 Evaluering van die staat se verpligting en die grondwetlike beperkingsklousule**

Die reg op basiese onderwys plaas 'n positiewe verpligting op die staat om daadwerklik op te tree om die reg op basiese onderwys te realiseer. Uit die uitspraak van *Grootboom* is dit duidelik dat waar die bepaling in die *Grondwet* nie gebruik maak van die woord 'toegang' nie, daar 'n direkte en uitdruklike verpligting op die staat is om daarin te voorsien.<sup>280</sup> Maar alhoewel artikel 29 nie oor 'n interne beperking beskik nie, is dit steeds onderhewig aan die algemene beperkingsklousule vervat in die *Grondwet*.

---

278 McConnachie en McConnachie 2012 *SAJL* 569.

279 GK515 in SK33283 van 11 Junie 2010.

280 Seleane 2009 *Law, Democracy and Development* 151.

Elke grondwetlike reg, fundamenteel of nie-fundamenteel, kan beperk word in terme van die artikel 36 van die *Grondwet*.<sup>281</sup> Artikel 36, oftewel die beperkingsklousule, bepaal dat beperking van regte slegs mag plaasvind waar dit 'n reg is wat algemene toepassing vind en redelik en regverdigbaar is in 'n demokratiese samelewing wat gebaseer is op menswaardigheid, gelykheid en vryheid.<sup>282</sup> Verder bepaal artikel 36 dat daar seker faktore is wat oorweeg moet word om te bepaal of beperking van 'n reg regverdig en redelik is.<sup>283</sup> Dit sluit in:

- a) Die aard van die reg;
- b) Die belangrikheid van die doel van die beperking;
- c) Die aard en omvang van die beperking;
- d) Die verhouding tussen die beperking en die doel daarvan;
- e) Minder beperkende maniere om die doel te bereik.

Vir enige Hof om te kan bepaal of 'n beperking van 'n reg redelik of regverdigbaar is, moet bewyse, soos sosiologiese of statistiese data, voor die hof geplaas word.<sup>284</sup> Seleoane<sup>285</sup> maak dit duidelik dat die beperking van enige reg in terme van artikel 36 afsonderlik beoordeel moet word van die bedoeling van die reg. Die hof moet eerstens die omvang van die reg interpreteer voordat daar bepaal kan word of daar enige inbreukmaking plaasgevind het.<sup>286</sup> Die doel van die reg moet egter bepaal word sodat daar duidelikheid is oor wat beperk word.<sup>287</sup>

Die reg op basiese onderwys is 'n ongekwalfiseerde reg wat nie 'n interne beperking vervat soos die reg op behuising of die reg op gesondheidsorg nie. Dit is nie onderhewig aan beskikbare hulpbronne nie en nie progressief realiseerbaar nie. Die reg op basiese onderwys verskil van ander gekwalfiseerde regte deurdat dit 'n reg op die lewering van 'goedere' is en nie 'n reg op redelike stappe deur die staat om dit progressief te realiseer binne beskikbare hulpbronne nie.<sup>288</sup> Die verpligting van die staat om basiese onderwys te verskaf is dus onvoorwaardelik en kan nie

---

281 Smit 2008 *Acta Academia* 214.

282 A36(1) van die *Grondwet*.

283 A36(1).

284 Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 167.

285 Seleoane 2009 *Law, Democracy and Development* 139.

286 Currie en The Waal *The Bill of Rights Handbook* 166.

287 Seleoane 2009 *Law, Democracy and Development* 139.

288 McConnachie en McConnachie 2012 *SAJL* 564.

gebalanseer word met die beskikbare hulpbronne van die staat nie.<sup>289</sup> Die bewoording van artikel 29 dui daarop dat enige iets minder as die verskaffing van basiese onderwys reeds 'n beperking van die reg is.<sup>290</sup> Geen interne beperking bestaan in artikel 29 nie. Basiese onderwys kan nie soos ander goedere geleidelik oor tyd gerealiseer word nie.<sup>291</sup> Berger<sup>292</sup> is van mening dat op grond van die Konstitusionele Hof se uitsprake rakende ander sosio-ekonomiese regte en die taalgebruik in die *Grondwet* rakende die reg op basiese onderwys, die Konstitusionele Hof, indien dit die kans sou kry, die bevinding moet maak dat die staat sy plig in terme van artikel 29 versuim het.<sup>293</sup> Die hof kan egter op grond van onmoontlikheid om voldoende basiese onderwys onmiddellik te realiseer, die omvang van artikel 29 beperk.<sup>294</sup> Hier dra die staat die onus om te bewys dat enige beperking redelike en regverdig is in terme van artikel 36 van die *Grondwet*.<sup>295</sup>

Indien die Minister nie haar pligte nakom om norme en standaarde daar te stel en verder nie daarvolgens optree en skole se infrastruktuur verbeter nie, kan sy poog om die inbreukmaking van die reg op onderwys te regverdig op grond van artikel 36 van die *Grondwet*. Sy sal egter genoegsame finansiële inligting moet verskaf om uiteindelik te verduidelik dat die beperking redelik en regverdigbaar is.<sup>296</sup> Seleokane<sup>297</sup> wys daarop dat 'n argument aangevoer kan word dat die beskikbaarheid van hulpbronne in ag geneem kan word in die beperking van die reg in terme van artikel 36. Volgens Woolman<sup>298</sup> is dit ook moeilik om te argumenteer dat basiese onderwys die reg op behuising, water en gesondheidsorg oorwin. McConnachie<sup>299</sup> is van mening dat terwyl die versuim van die staat ten opsigte van skoolfasiliteit neerkom op inbreukmaking, dit dalk geregverdigbaar is in die lig van hulpbronne en kapasiteit. Terselfdetyd kan daar ook die afleiding gemaak word dat die weglating van 'n interne beperking dit duidelik maak dat so 'n beswaar nie

---

289 Seleokane 2009 *Law, Democracy and Development* 139.

290 McConnachie en McConnachie 2012 *SAJL* 564.

291 Berger 2003 *Columbia LR* 623.

292 Grootboom en TAC.

293 Berger 2003 *Columbia LR* 623.

294 Woolman en Fleish *The Constitution in the Classroom* 122.

295 McConnachie en McConnachie 2012 *SAJL* 564

296 *Equal Education* 2012 <http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Equal%20Education%20Heads%20of%20Argument.pdf>.

297 Seleokane 2009 *Law, Democracy and Development* 139.

298 Woolman en Fleish *The Constitution in the Classroom* 123.

299 McConnachie en McConnachie 2012 *SAJL* 585.

aanvaarbaar is nie.<sup>300</sup> In *Juma Masjid* het die Konstitusionele Hof dit duidelik gemaak dat selfs waar grondwetlike regte interne beperking ten opsigte van beskikbare hulpbronne bevat, dit nie genoegsaam is vir die staat om aan te voer dat daar onvoldoende fondse is nie.<sup>301</sup> Alhoewel Suid-Afrika nie noodwendig die hulpbronne het om 'n skoolsisteem te implementeer gelykstaande aan die rykste lande nie, kan die hof dit steeds beklemtoon dat die huidige situasie nie voldoende is om 'n fondasie te stel vir werksgeleenthede en persoonlike ontwikkeling nie.<sup>302</sup>

Die vraag is: hoe doeltreffend gebruik die regering sy begroting in sy verpligting tot die verskaffing van onderwys? Dit is noemenswaardig dat die Minister nog geen inligting verskaf het ten opsigte van die koste van die implementering van eenvormig norme en standaarde nie en waarom die nie bekostig kan word nie.<sup>303</sup> Die *Fiscal and Financial Commission* het in 2008 soos volg kommentaar gelever op die 2008 Norme en Standaarde:

...standardised architecture and infrastructure requirements could produce savings because departments would be able to purchase materials in bulk or administer turnkey projects while avoiding individualistic procurement, as was and continues to be the case.

Ook die Minister van Finansies het die konsep norme en standaarde aanvaar en nie die die aansoek van *Equal Education* geopponeer het nie.<sup>304</sup>

Malherbe<sup>305</sup> voer aan dat enige beperking krities beoordeel moet word en die staat nie toegelaat kan word om 'n tekort aan hulpbronne te gebruik as 'n verskoningsgrond vir die beperking van die reg nie. In *B and Others v Minister of Correctional Services and Others*<sup>306</sup> maak die hof 'n uitspraak oor die interpretering van 'n ongekwalfiseerde bepaling en wat dit vir die staat beteken. Alhoewel dit in

---

300 Seleoane 2009 *Law, Democracy and Development* 140.

301 *Governing Body of the Juma Masjid Primary School & Others v Essay N.O. and Others* 2011 8 BCLR 761 (KH) par 37.

302 Berger 2003 *Columbia LR* 636.

303 *Equal Education* 2012 <http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Equal%20Education%20Heads%20of%20Argument.pdf>.

304 *Equal Education* 2012 <http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Equal%20Education%20Heads%20of%20Argument.pdf>.

305 Malherbe 2004 *TSAR* 433.

306 1997 (6) BCLR 789 (K).

hierdie saak nie handel oor artikel 29 nie, gee dit leiding in die interpretering van 'n ongekwalifiseerde reg in die Handves van Regte.<sup>307</sup>

It can be noted in this regard that section 35(2)(e) of the Constitution articulates the right of detainees and prisoners to medical treatment, at the expense of the state, in similarly unconditional terms. The Cape High Court stated that, once it is established that any other medicine than AZT would be inadequate for the purpose of treating an HIV positive prisoner or detainee, it is no defence for the state to argue that it does not have the money to provide AZT.

Dus kan die staat nie die tekort aan hulpbronne aanvoer as argument vir die onvoldoende lewering van goedere waar die bepaling in die *Grondwet* ongekwalifiseer is nie.

Die staat se redelike maatstawwe om voorsiening te maak kan ook nie gebruik word as regverdiging vir die versuim aan die kant van die staat nie.<sup>308</sup> Dit is egter onrealisties om te dink dat, indien die hof byvoorbeeld bepaal dat die versuim om biblioteke by skole te verskaf 'n inbreukmaking van die kind se reg op basiese onderwys is en dus ongrondwetlik is, die staat onmiddellik biblioteke moet verskaf. Dit is makliker om grondwetlike ideale daar te stel as om dit te realiseer.<sup>309</sup> Berger<sup>310</sup> merk tereg op dat indien die hof standarde stel wat nie bereikbaar is nie die boodskap en die *Grondwet* self nie impak maak nie, mense die gevolgtrekking sal maak dat sulke uitsprake nie enige verbetering in hul lewens bring nie. Wanneer 'n persoon 'n remedie van die hof vra omdat daar op sy of haar reg op basiese onderwys inbreuk gemaak word, hoef die bevel van die hof nie noodwendig dadelike voorsiening van voldoende basiese onderwys te wees nie.<sup>311</sup> Implementering hoef ook nie oornag te geskied nie omdat ekonomiese realiteite dit bykans onmoontlik maak.<sup>312</sup> Hiermee laat die hof steeds ruimte vir die staat toe om buigzaam te wees en bevestig terselfdertyd die reg op basiese onderwys.<sup>313</sup> *Equal Education* voer aan dat die aanname dat bindende norme en standarde nie buigbaar kan wees nie,

---

307 Seleoane 2009 *Law, Democracy and Development* 141.

308 Woolman en Fleish *The Constitution in the Classroom* 121.

309 Berger 2003 *Columbia LR* 642.

310 Berger 2003 *Columbia LR* 642.

311 Woolman en Fleish *The Constitution in the Classroom* 126.

312 Berger 2003 *Columbia LR* 644.

313 Woolman en Fleish *The Constitution in the Classroom* 126.



irrasioneel en onredelik is.<sup>314</sup> Dit is irrasioneel van die Minister om nie haar magte uit te oefen om grondwetlike regte te bevorder nie, bloot omdat die uitoefening daarvan onbuigbaar en rigied is.<sup>315</sup> Maar alhoewel dit nie noodwendig beteken dat die staat dadelik genoegsame fasilieite moet verskaf nie, meen McConnachie dat dit steeds voordele bied in verhouding met gekwalifiseerde sosio-ekonomiese regte.<sup>316</sup>

Die uniforme norme en standarde in artikel 5A het drie eienskappe naamlik: Dit stel *minimum* norme en standarde daar wat leerders beskerm teen standarde wat nie menswaardig is nie.<sup>317</sup> Tweedens stel dit *uniformiteit* daar wat gelykheid verseker.<sup>318</sup> Derdens verseker dit *voldoende infrastruktuur* omdat dit inhoud gee aan die reg op onderwys.<sup>319</sup> Alhoewel die Minister 'n diskresie het met betrekking tot die inhoud van die norme en standarde onder artikel 5A, kan hy of sy nie totaal en al weier om bindende norme en standarde daar te stel nie.<sup>320</sup> *Equal Education* voer ook aan dat riglyne nie 'n voldoende vervanging vir bindende norme en standarde is nie omdat dit nie wetlik bindend is nie. Dit gaan dus nie die situasie in skole verander nie omdat daar geen tydsraamwerk bestaan nie, en geen meganisme bestaan waardeur die staat aanspreeklik gehou word nie.<sup>321</sup> Dit sal noodsaaklik wees om elke skool se gebrek aan infrastruktuur in terme van artikel 29 voor die Konstitusionele Hof te bring.<sup>322</sup>

Dit is belangrik dat die howe aandring op die realisering van voldoende basiese onderwys al is die staat se kapasiteit om daaraan te voldoen, bevraagtekenbaar.<sup>323</sup> Dit is belangrik dat die staat nie die kwaliteit van basiese onderwys afskeep net omdat dit verpligtend is ingevolge artikel 29 van die *Grondwet* nie. Die staat moet

---

314 *Equal Education* 2012 <http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Equal%20Education%20Heads%20of%20Argument.pdf>.

315 *Equal Education* 2012 <http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Equal%20Education%20Heads%20of%20Argument.pdf>.

316 McConnachie en McConnachie 2012 SAJL 557.

317 *Equal Education* 2012 <http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Equal%20Education%20Heads%20of%20Argument.pdf>.

318 *Equal Education* 2012 <http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Equal%20Education%20Heads%20of%20Argument.pdf>.

319 *Equal Education* 2012 <http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Equal%20Education%20Heads%20of%20Argument.pdf>.

320 *Equal Education* 2012 <http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Equal%20Education%20Heads%20of%20Argument.pdf>.

321 *Equal Education* 2012 <http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Equal%20Education%20Heads%20of%20Argument.pdf>.

322 *Equal Education* 2012 <http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Equal%20Education%20Heads%20of%20Argument.pdf>.

323 Berger 2003 *Columbia* LR 643.

aan al die komponente wat ingesluit is by die reg voldoen omdat basiese onderwys nie hiersonder kan realiseer nie. Malherbe<sup>324</sup> meen ook dat die beste belang beginsels die reg op basiese onderwys ondersteun en versterk. Skelton<sup>325</sup> is van mening dat die howe 'n belangrike rol speel in die verskaffing van basiese onderwys aan kinders en sodoende kan 'n vyfde 'A' gevoeg word by die kriteria van die ICESCR ten opsigte van basiese onderwys: 'Accountability' oftewel aanspreeklikheid. Dit is die bekommernis van baie dat die howe as gevolg van die skeiding-van-mag beginsel nie oor belangrike politieke besluite vir die staat kan voorskryf nie.<sup>326</sup> In beide *Grootboom* en die *TAC* sak het die hof egter die skeiding van magte tussen staatsorgane oorweeg en tog 'n beslissing gemaak dat die staat meer moet doen om ehierdie regte te realiseer.<sup>327</sup> Die hof moet erken dat die staat nie al die nodige veranderinge op een slag kan maak nie, maar 'n uitspraak wat die belangrikheid van basiese onderwys benadruk, sal verseker verandering meebring.<sup>328</sup> Staatsorgane sal sodoende gedwing word om meer te doen en ook die staat se tekortkominge in die lig plaas.<sup>329</sup> Die tekortkoming van die staat, wat insluit, korrupsie en wanbestuur van fondse, kan in die proses hanteer word.<sup>330</sup> Daar is geen rede waarom daar nie voorsiening gemaak kan word vir gepaste buigbaarheid, prioritisering en uitsonderings nie.<sup>331</sup> Die situasie kan nie oornag verander word eenvoudig deur wetgewing daar te stel nie, maar die daarstelling van eenvormige norme en standaarde is die stap in die regte rigting.

Uiteindelik moet daar bepaal word wat die reg op basiese onderwys in die *Grondwet* ten doel het: om leerders vaardighede te gee, wat insluit lees, skryf en numeriese vaardighede wat hul sal toerus om die arbeidsmag te betree en by te dra tot die ekonomie van die land. Dit bemagtig leerders, gee hul keuses en geleenthede ten opsigte van hul toekoms sodat hul nie in armoede hoef terug te val nie. Om hierdie doel te bereik, moet die skole voorsien word van biblioteke, handboeke en water en sanitasiegeriewe ten einde kwaliteit onderrig daar te stel. Die reg op basiese

---

324 Malherbe 2008 *TSAR* 285.

325 Skelton 2013 *De Jure* 23.

326 Van der Merwe 2012 *SAPR* 376.

327 Van der Merwe 2012 *SAPR* 376.

328 Berger 2003 *Columbia LR* 645.

329 Berger 2003 *Columbia LR* 645.

330 Van der Merwe 2012 *SAPL* 378.

331 *Equal Education* 2012 <http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Equal%20Education%20Heads%20of%20Argument.pdf>.

onderwys kan nie voldoende gerealiseer word sonder bogenoemde nie. Die lys wat hier bespreek word, is egter nie daartoe beperk nie. Skole het ook voldoende opvoeders, geboue en klaskamers nodig soos bepaal in *Juma Masjid en* in armer dele van die land moet leerders ook voorsien word van maaltye. Dit alles is hulpbronne wat verseker dat leerders kwaliteit onderrig ontvang. Malherbe<sup>332</sup> wys tereg daarop dat basiese onderwys 'n sekere standaard van onderwys daarstel en dat nie-nakoming hiervan nie voldoen aan die beste belang van die kind-beginsel in ons reg nie Dit is dus belangrik dat die Minister norme en standaarde daarstel om te verseker dat elke leerder in die land kwaliteit onderrig ontvang soos deur die *Grondwet* bedoel.

## **7 Gevolgtrekking: Die skending van die kind se reg op basiese onderwys deur gebrekkige infrastruktuur**

Basiese onderwys is 'n reg waarvoor daar voorsiening gemaak word in die *Grondwet*, maar ongeag daarvan blyk dit dat talle skole dwarsdeur die land steeds nie toegerus is om kwaliteit onderrig aan kinders te verskaf nie. Armoede, werkloosheid, die geskiedenis van die land wat bygedrae het tot ongelykhede en die huidige situasie waarin die land se skole hulself bevind, het die interpretasie van die reg op basiese onderwys, asook die verpligting van die staat in hierdie verband, onder die vergrootglas geplaas.

Die *Grondwet* maak voorsiening vir 'n reg op basiese onderwys wat deur howe, die internasionale gemeenskap en regsgeleerdes geïnterpreteer word as meer as net 'n tydperk van onderwys. Dit lê inderwaardheid 'n verpligting op die staat om 'n sekere standaard en kwaliteit van onderwys daar te stel. Die *ICESCR*, die *CRC*, die *ACC* en ander internasionale bronne beklemtoon dat die reg op onderwys 'n wye interpretasie verg. Die Algemene Kommentaar op die *ICESCR* bepaal spesifiek dat die reg op onderwys aan vier elemente moet voldoen. Een hiervan is beskikbaarstelling van basiese onderwys wat die nodige infrastruktuur vir die suksesvolle funksionering van skole en die realisering van die reg op basiese onderwys, vra. Kwaliteit onderwys kan nie realiseer sonder dat skole oor die nodige infrastruktuur beskik nie. Kwaliteit onderwys behels dus dat die staat infrastruktuur, waaronder biblioteke, water en sanitasie en handboeke aan skole verskaf. Verder plaas dit 'n verpligting op

---

332 Malherbe 2008 *TSAR* 275.

die staat om hierdie standaard te handhaaf in *alle* skole regoor die land. Indien basiese onderwys in die beste belang van 'n kind is, is dit in die beste belang van *alle* kinders en moet die reg tot basiese onderwys ooreenkomstig gelyke standarde gerealiseer word. Die gelykheidsklousule verplig dit!

Dit is egter moeilik om te bepaal dat skole 'n sekere standaard moet bereik as daar geen meetbare standaard bestaan nie. Die beleide en riglyne wat sover deur die Departement van Basiese Onderwys bekend gemaak is, dien nie as bindende dokumente vir die staat om hierdie verpligting na te kom nie. Die norme en standarde waarvoor die *Skolewet* in artikel 5A voorsiening maak, sal hierdie leemte vul. Soos hierbo verduidelik, sal dit noodsaaklik wees dat hierdie 'n buigbare stelsel is wat die tekortkominge van die staat in ag neem, maar tog nie ongegronde verskonings duld nie. Artikel 29 van die *Grondwet* bevat inderdaad nie interne beperkings nie en dui dus op die verpligting van die staat om basiese onderwys te verskaf ongeag tekort aan hulpbronne. Alhoewel 'n mens onhaalbare mikpunte wil vermy en nie eise wil stel waaraan daar uiteindelik nie voldoen kan word nie, moet 'n standaard in plek gestel word waarna daar gestreef en gewerk kan word. Uiteindelik sal norme en standarde die staat dwing om prioriteit te gee aan die kwaliteit onderwys en hul finansiële bronne beter te administreer en bestuur om aan hierdie standarde te voldoen. Teen druktyd van hierdie skryfstuk het die Minister nog geen terugvoer verskaf rakende die norme en standarde wat in die Staatskoerant verskyn het vir terugvoer nie.

Onderrig lê die fondament vir geletterdheid en vaardigheidontwikkeling van kinders om hul in staat te stel om as volwassenes in die arbeidsmag mee te ding. Indien hierdie fondament nie in plek is nie sal 'n siklus van werkloosheid en armoede volg. Stastieke, studies, die jaarlikse matriekslaagsyfers, hofsake, aksies deur menseregte organisasies en beleide deur die Departement van Basiese Onderwys, dui op 'n onderrigstelsel wat tekortsiet en verandering vra. Wanneer die reg op basiese onderwys gemeet word aan die beste belang van die kind standaard is daar geen aanduiding dat onderrig enige iets anders as in die beste belang van die kind is nie. Die staat moet belê in die toekoms van die kinders van hierdie land. Dit sal die beste belegging wees wat hul nog ooit gemaak het!

## **BIBLIOGRAFIE**

### **Literatuur**

#### **B**

Bekink en Bekink 2004 *De Jure*

Bekink B en Bekink M "Defining the Standard of the Best Interest of the Child: Modern South African Perspectives" 2004 *De Jure* 21-40

Bekker G "The right to education in the South African Constitution"

Bekker G "The right to education in the South African Constitution" in Mashava L.V. (red) *A compilation of essential documents on the right to education* Volume 2 (Centre for Human Rights Pretoria 2000)

Berger 2003 *Columbia LR*

Berger E "The Right to Education under the South African Constitution" 2003 *Columbia Law Review* 614-661

Bonthuys 2006 *International Journal of Law, Policy and Family*

Bonthuys E "Best Interest of the Child in the South African Constitution" 2006(20) *International Journal of Law, Policy and Family* 23-43

Bray 2002 *THRHR*

Bray E "The constitutional concept of co-operative government and its application in education" 2002 *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins Hollandse Reg* 515-531

Bray "Law Education and the Learner"

Bray E "Law, Education and the Learner" in Boezaart T (red) *Child Law in South Africa* (Juta Claremont 2009)

Büchner-Eveleigh en Nienaber 2012 *PER*

Büchner-Eveleigh M en Nienaber A "Gesondheidsorg vir Kinders: Voldoen Suid-Afrikaanse Wetgewing aan die Land se Verpligting ingevolge die Konvensie oor die Regte van die Kind en die Grondwet?" 2012 *Potchefstroomse Elektorniese Regsblad* 103-146

#### **C**

Chirwa 2002 *IJCR*

Chirwa DM "The merits and demerits of the African Charter on the Rights And Welfare of the Child" 2002(10) *International Journal of Children's Rights* 157-177

Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook*

Currie I en De Waal J *The Bill of Rights Handbook* 5de uitg (Juta Claremont 2005)

## **D**

Dall "Children's Right to Education"

Dall FP "Children's Right to Education" in Himes T (red) *Implementing the Convention on the Rights of the Child* (Martinus Nijhoff Publishers London 1995)

De Vos 2001 *SAJHR*

De Vos P "Grootboom, the Right of Access to Housing and Substantive Equality as Contextual Fairness" 2001(17) *South African Journal on Human Rights* 258-276

Dlodlo en Foko

Dlodlo N en Foko T "Challenges facing eTextbook provision to South African schools" CSIR Meraka Institute Pretoria

## **F**

Fagan 1998 *SAJHR*

Fagan A "Dignity and Unfair Discrimination: A Value Misplaced and a Right Misunderstood" 1998 *South African Journal on Human Rights* 220-247

## **H**

Hart en Zinn "The Connundrum of School Libraries in South Africa"

Hart G en Zinn S "The Connundrum of School Libraries in South Africa" Department of Library and Information Science University of the Western Cape, Bellville in *School Libraries* Chapter 7

## **J**

Johnson 2010 *IJCR*

Johnson R "The Child's Right to an Education: 'Consensus-Minus-One'?" 2010 *International Journal of Children's Rights* 185-216

## **K**

Kubow en Fossum *Comparative Education*

Kubow PK. en Fossum PR *Comparative Education: Exploring Issues in International Context* 2de uitg (Prentice Hall Columbus 2007)

## **M**

Mahery "The United Nations Convention on the Rights of the Child: Maintaining its Value in International and South African Child Law"

Mahery P “The United Nations Convention on the Rights of the Child: Maintaining its Value in International and South African Child Law” in Boezaart T (red) *Child Law in South Africa* (Juta Claremont 2009)

Malherbe “Education Rights”

Malherbe R “Education Rights” in Boezaart T (red) *Child Law in South Africa* (Juta Claremont 2009)

Malherbe “The Impact of Constitutional Rights on Education”

Malherbe R “The Impact of Constitutional Rights on Education” in Boezaart T (red) *Child Law in South Africa* (Juta Claremont 2009)

Malherbe “The Constitution and Equal Educational Opportunities”

Malherbe R “The Constitution and Equal Educational Opportunities” in Russo C J, Beckmann J en Jansen J D (red) *Equal Educational Opportunities: Comparative perspectives in education law* (Van Schaik Pretoria 2005)

Malherbe 2008 *TSAR*

Malherbe R “The constitutional dimension of the best interests of the child as applied in education” 2008(2) *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg* 267-285

Malherbe 2004 *TSAR*

Malherbe R “Equal educational opportunities in South Africa: The constitutional framework” 2004(3) *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg* 427-447

Malherbe 2004 *Perspectives in Education*

Malherbe R “The constitutional framework for pursuing equal opportunities in education” 2004(22)(3) *Perspectives in Education* 9-28

Mbazira 2009 *Litigating Socio-Economic Rights in South Africa*

Mbazira C *Litigating Socio-economic Rights in South Africa* (PULP Pretoria 2009)

McConnachie en McConnachie 2012 *SALJ*

McConnachie C en McConnachie C “Concretising the Right to a Basic Education” 2012(129) *South African Law Journal* 554-590

## **P**

Pandor, Minister of Education, “A Challenge to Excellence in Honouring the Youth of 1976” 19 May 2006.

Pandor, N, Minister van Onderwys, "A Challenge to Excellence in Honouring the Youth of 1976" Bekendstelling van die Debat rakende die Onderwys Begroting, Nasionale Vergadering (19 May 2006)

Pink 2012 *Health and Human Rights*

Pink R "Child Rights, Right to Water and Sanitation, and Human Security" 2012(14) *Health and Human Rights* 1-10

Proudlock "Children's Socio-economic Rights"

Proudlock P "Children's Socio-economic Rights" in Boezaart T (red) *Child Law in South Africa* (Juta Claremont 2009)

## R

Rosa en Dutschke 2006 *SAJHR*

Rosa S and Dutschke M "Child rights at the core: The use of international law in South African cases on children's socio-economic rights" 2006 *SAJHR* 224-260

## S

Sanderson Paton-Ash *Issues and challenges facing school libraries: A case study of selected primary schools in Gauteng Province, South Africa*

Sanderson Paton-Ash M *Issues and challenges facing school libraries: A case study of selected primary schools in Gauteng Province, South Africa* 2012 (Master Legum aan die Rhodes University)

Schäfer *Child Law in South Africa*

Schäfer L *Child Law in South Africa: Domestic and International Perspective* (LexisNexis Durban 2011)

Seleoane 2009 *Law, Democracy and Development*

Seleoane M "The right to education: Lessons from Grootboom" 2009 *Law, Democracy and Development* 137-169

Skelton 2013 *De Jure*

Skelton A "The role of the courts in ensuring the right to a basic education in a democratic South Africa: a critical evaluation of recent education case law" 2013 *De Jure* 1-23

Skelton A "Constitutional and International Protection of Children's Rights"



Skelton A “Constitutional and International Protection of Children’s Rights” in Boezaart T (red) *Child Law in South Africa* (Juta Claremont 2009)

Sloth Nielson 2002 *SAJHR*

Sloth Nielson J “Children’s rights in the South African Courts: An overview since ratification of the UN Convention on the Rights of the Child” 2002(10) *South African Journal on Human Rights* 137-156

Smit 2008 *Acta Academia*

Smit M “Balancing rights in education: applying the proportionality test” 2008(40)(3) *Acta Academia* 210-233

## **V**

Van der Merwe 2012 *SAPR*

Van der Merwe S “How ‘basic’ is basic education as enshrined in section 29 of the Constitution of South Africa?” 2012(27) *SA Publikereg* 365 - 378

Verheyde A *et al Commentary on the United Nations Convention on the Rights of the Child*

Verheyde A *Commentary on the United Nations Convention on the Rights of the Child: Article 28: The Right to Education* (Martinus Nijhoff Publishers Leiden 2006)

Viljoen “African Charter on the Rights and the Welfare of the Child”

Viljoen “African Charter on the Rights and the Welfare of the Child” in Boezaart T (red) *Child Law in South Africa* (Juta Claremont 2009) 331-350

## **W**

World Health Organization, *UN-Water global annual assessment of sanitation and drinking water*

World Health Organization, *UN-Water global annual assessment of sanitation and drinking water (GLAAS) 2010: Targeting resources for better results*, Geneva 2010.

Woolman en Fleisch *Constitution and the Classroom*

Woolman S en Fleisch B *Constitution and the Classroom: Law and education in South Africa 1994-2008* (PULP Pretoria 2009)

## **Kongresbydrae**

Booyesen “Public or Private Schooling vs. Home Schooling in South Africa: Who may be held liable for the non-registration of learners? A Legal Perspective”

Booyesen I “Public or Private Schooling vs. Home Schooling in South Africa: Who may be held liable for the non-registration of learners? A Legal Perspective” (Ongepubliseerde voordrag gelewer op 9 Sept 2013 te SAELA, Johannesburg)

## **Regspraak**

*Bato Star Fishing (Pty) Ltd v Minister of Environmental Affairs and Tourism and Others* 2004 4 SA 490 (KH)

*Beja and others v Premier of the Western Cape and others* 2011 3 All SA 401 (WKK)

*Brown v Board of Education of Topeka* 347 US 483 (1954)

*Campaign for Fiscal Equity v. State*, 719 N.Y.S.2d

*De Reuck v Director of Public Prosecution* 2004 1 SA 406 (KH)

*Equal Education and Others v Minister of Basic Education and Others*: Saaknommer 81/2012

*Governing Body of the Rivonia Primary School and Another v MEC for Education: Gauteng Province and Others* 2012 1 All SA 576 (SGJ)

*Government of the Republic of South Africa v Grootboom* 2001 1 SA 46 (KH)

*Governing Body of the Juma Masjid Primary School and Others v Essay N.O and Others*. 2011 8 BCLR 761 (KH)

*Harksen v Lane NO* 1998 1 SA 300 (KH)

*Head of Department: Mpumalanga Department of Education and Another v Hoërskool Ermelo and Another* 2010 2 SA 415 (KH)

*Jooste v Botha* 2000 2 SA 199 (T)

*McCall v McCall* 1994 3 SA 201 (K)

*Minister of Health and Others v Treatment Action Campaign and Others* 2002 5 SA 721 (KH)

*Minister of Welfare and Population Development v Fitzpatrick and Others* 2000 3 SA 422 (KH)

*S v M (Centre for Child Law as Amicus Curiae)* 2008 3 SA 232 (KH)

*Section 27 v Minister of Education* 2013 2 SA 40 (GNP)

*Prinsloo v Van der Linde* 1997 6 BCLR 759 (KH)

## **Wetgewing**

*Geestesgesondheidsorgwet 17 van 2002.*

*Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996*

*Interim Grondwet 200 van 1993*

*Kinderwet 38 van 2005*

*Nasionale Gesondheidswet 61 van 2003*

*Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996*

*Wet op die Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onregverdige Diskriminasie 4 van 2000*

*Wet op Waterdienste 108 van 1997*

## **Internasionale Instrumente**

*African Charter on the Rights and Welfare of the Child (1990) aangeneem deur die Organisasie vir Afrika Eenheid op 27 Julie 1981 (tree in werking op 29 November 1999)*

*Convention on the Rights of the Child (1989) aangeneem deur die Algemene Vergadering Resolusie 44/25 van 20 November 1989 (tree in werking op 2 September 1990)*

*International Covenant on Economic, Social and Cultural Right (1966) aangeneem deur die Algemene Vergadering Resolusie 2200A (XXI) van 16 Desember 1966 (tree in werking op 3 Januarie 1976)*

*ICESCR General Comment 13: The Right to Education (Art. 13) aangeneem deur die Committee on Economic, Social and Cultural Rights op 8 Desember 1999 (Dokument E/C.12/1999/10)*

*ICESCR General Comment 15: Right to Water aangeneem deur die Committee on Economic, Social and Cultural Rights op 20 Januarie 2003 (Dokument E/C.12/2002/11)*

*CRC General Comment 1: The Aims of Education aangeneem deur die Committee on the Rights of the Child op 17 April 2001 (Dokument CRC/GC/2001/1)*

*CRC General Comment 7: Implementing child rights in early childhood aangeneem deur die Committee on the Rights of the Child op 20 September 2005 (Dokument CRC/C/GC/7/Rev.1)*

*UNESCO Convention Against Discrimination in Education: aangeneem op 14 Desember 1960 (tree in werking op 22 Mei 1962)*

## Internetbronne

Departement van Basiese Onderwys 2012 National Guidelines for School Library and Information Services

<http://www.education.gov.za/LinkClick.aspx?Fileticket=D1G%2Bh5KkVkw%3D&tabid=93&mid=1952> [datum van gebruik 16 Augustus 2013]

Departement van Basiese Onderwys 2011 Strategiese Beplanning (2011-2014)

<http://www.education.gov.za/LinkClick.aspx?fileticket=%2F%2BBILaBJ7ak%3D&tabid=358&mid=1263> [datum van gebruik 30 Augustus 2013]

Departement van Basiese Onderwys 2012 National School Nutrition Programme: Annual Report 2011/2012

<http://www.education.gov.za/LinkClick.aspx?fileticket=WEuFok4zUSM%3d&tabid=358&mid=1263> [datum van gebruik 30 Augustus 2013]

Departement van Basiese Onderwys 2013 Annual National Assessment Diagnostic Report 2012

<http://www.education.gov.za/LinkClick.aspx?fileticket=mgVBMn38Owu%3D&tabid=422&mid=1325> [datum van gebruik 29 Augustus 2013]

Departement van Basiese Onderwys 2013 Annual Report 2012/2013

<http://www.education.gov.za/DocumentsLibrary/Reports/tabid/358/Default.aspx> [datum van gebruik 20 Oktober 2013]

Departement van Basiese Onderwys 2012 Annual Report 2011/2012

<http://www.education.gov.za/LinkClick.aspx?fileticket=YI%2BhMxe4mVU%3D&tabid=358&mid=1263> [datum van gebruik 25 September 2013]

Departement van Basiese Onderwys 2013 Annual Performance Plan 2013-2014

<http://www.education.gov.za/LinkClick.aspx?fileticket=CQ9wvkQ9GUK%3D&tabid=1018&mid=1167> [datum van gebruik 20 Augustus]

Departement van Basiese Onderwys Datum Onbekend NEIMS Verslag 2011

<http://www.education.gov.za/LinkClick.aspx?fileticket=hHaBCAerGXc%3D&tabid=358&mid=1802> [datum van gebruik 16 Junie 2013]

Departement van Basiese Onderwys Datum Onbekend NEIMS Verslag 2009

<http://www.education.gov.za/LinkClick.aspx?fileticket=p8%2F3b6jxko0%3D&tabid=358&mid=1263> [datum van gebruik 16 Junie 2013]

*Equal Education* 2010 Submission to Portfolio Committee on Basic Education – Comments on How to Improve Basic Education

[http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Submission\\_to\\_PC\\_on\\_Basic\\_Education.pdf](http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Submission_to_PC_on_Basic_Education.pdf) [datum van gebruik 7 Julie 2013]

*Equal Education* 2010 Costing Booklet 2<sup>nd</sup> ed  
<http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Equal%20Education%20Costing%20Booklet.pdf> [datum van gebruik 7 Julie 2013]

*Equal Education* 2012 *Equal Education and Others v Minister of Basic Education and Others*: Saaknommer 81/2012:Heads of Arguments  
<http://www.equaleducation.org.za/sites/default/files/Equal%20Education%20Heads%20of%20Argument.pdf> [datum van gebruik 14 September 2013]

Heijnen-Maathuis E 2008 The Convention on the Rights of the Child and Quality Education Concept Paper 3  
<http://resourcecentresavethechildren.se/sites/default/files/documents/1531.pdf>  
[datum van gebruik November 2012]

Lake L Date Unknown Children's Count: Schools with adequate sanitation  
<http://www.childrencount.ci.org.za/indicator.php?id=6&indicator=47>  
[datum van gebruik 3 Julie 2012]

Section27 Draft Regulations Relating to Minimum Norms and Standards for Public School Infrastructure  
<http://www.section27.org.za/wp-content/uploads/2013/03/SECTION27-submission-Draft-Regulations-Relating-to-Minimum-Uniform-Norms-and-Standards-for-Public-School-Infrastructure-Final.pdf> [datum van gebruik 3 Augustus 2013]

*UNESCO Education for All: Literacy for Life EFA Global Monitoring Report*  
<http://www.unesco.org/education/wef/en-conf/Jomtien%20Declaration%20eng.shtm>  
[datum van gebruik 8 Augustus 2013]

## **Regerings Publikasies**

Kennisgewing 1438 van 2008  
*(National Policy for an Equitable Provision on an Enabling School Physical Teaching and Learning Environment)*

Kennisgewing 196 van 1995  
*(The White Paper on Education and Training)*

GK 1438 in SK31616 van 21 November 2008  
*(Call for Comments on National Minimum Norms and Standards for School Infrastructure)*

GK 932 in SK 36837 van 12 September 2013  
*(Call for Comments on Regulations relating to minimum norms and standards for public school infrastructure)*

GK 6 in SK 36052 van 8 Januarie 2013  
*(Call for Comments on Regulations relating to minimum norms and standards for public school infrastructure)*